BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES - AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. PUBLISHED BY AUTHORITY

1/- Vrydag, 11 Desember 1959 WINDHOEK Friday, 11th December, 1959 No. 2223

INHOUD

CONTENTS

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 2031 (Unie).] [11 Desember 1959.

MARINE-AFDELING.

REGULASIES VAN TOEPASSING OP DIE VERSKAPPING VAN RADIO-INSTALLASIES OP SKEPE.

Dit het die Minister van Vervoer behaag om, kragtens die bepalings van artikel *driehonderd ses-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), die volgende regulasies* uit te vaardig.

INHOUD.

* Hierdie regulasies tree in werking op die datum waarop Wet No. 57 van 1951 in werking tree. Die datum sal deur proklamasie in die *Staatskoerant* bekendgemaak word.

GOVERNMENT NOTICES.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 2031 (Union).] [11 December 1959.

MARINE DIVISION.

REGULATIONS GOVERNING THE PROVISION OF RADIO INSTALLATIONS ON SHIPS.

The Minister of Transport has been pleased, under the provisions of section *three hundred and fifty-six* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), to make the following regulations.*

CONTENTS.

* These regulations will come into operation on the date on which Act No. 57 of 1951 comes into operation. This date will be notified by proclamation in the *Gazette*.

TER INLEIDING.

1. 'n Radio-installasie op 'n skip omvat 'n radiotelegraafinstallasie, 'n radiotelefooninstallasie of 'n rigtingsoeker, na gelang van die geval.

2. Daar sal opgemerk word dat Deel I van die regulasies nie vereis dat skepe wat nie passasierskepe is en wat kleiner as 500 ton is van radiotelegraaf- of radiotelefooninstallasies voorsien moet wees nie, en dat Deel II nie vereis dat 'n skip van minder as 500 ton van 'n rigtingsoeker voorsien moet wees nie. By die eienaars van Suid-Afrikaanse skepe waarop die regulasies nie van toepassing is nie, word egter daarop aangedring om, ter wille van die veiligheid van menselewens en eiendom op see, vrywillig hulle skepe met radiotelegraaf- of radiotelefooninstallasies en met rigtingsoekers uit te rus. In hierdie verband sal dit die Marine-afdeling van die Departement van Vervoer, met medewerking van die Posmeester-generaal, genoeë doen om hulle 'n aanneemlike spesifikasie te help opstel.

INTRODUCTORY NOTES.

1. A radio installation on a ship shall comprise a radiotelegraphy installation, a radiotelephony installation, or a direction-finding apparatus, as the case may be.

2. It will be observed that Part I of the regulations does not require ships, which are not passenger ships, and which are less than 500 tons, to be provided with radiotelegraphy or radiotelephony installations, and that Part II does not require any ship of less than 500 tons to be provided with a direction-finding apparatus. Owners of South African ships to which the regulations do not apply, are however urged in the interests of safety of life and property at sea to equip their ships with radiotelegraphy or radiotelephony installations and with direction-finding apparatus on a voluntary basis, in which connection the Marine Division of the Department of Transport in conjunction with the Postmaster-General will be pleased to assist them in arriving at an acceptable specification.

TER TOELIGTING VOORAF.

1. *Titel van hierdie regulasies.*

Hierdie regulasies heet die Handelskeepvaart-radioregulasies 1960.

(OPMERKING.—Die Toeligting Vooraf geld vir alle Dele van die regulasies. Deel I handel oor radiotelegrafie en radiotelefonie en Deel II oor rigtingsoekers. Deel III handel oor „ Gelykwaardighede " en die bepalings is op beide Deel I en Deel II van toepassing.)

2. *Interpretasie.*

In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „ die Wet " die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), en tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis toegeken is, wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, die aldus toegekende betekenis, en beteken—

„ verbind ", elektries verbind;

„ bestaande installasie "—

(*a*) 'n installasie wat, in die geval van 'n Suid-Afrikaanse skip waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is, ten volle geïnstalleer is voor 19 November 1952, en in die geval van 'n ander skip, voor die datum waarop hierdie regulasies van krag word; en

(*b*) 'n installasie waarvan 'n deel geïnstalleer is voor 19 November 1952 of voor die datum waarop hierdie regulasies van krag word, na gelang van die geval, en waarvan die orige deel bestaan òf uit dele wat ter vervanging van identiese dele geïnstalleer word òf uit dele wat aan die toepaslike vereistes van hierdie regulasies voldoen;

„ steuring ", die belemmering, deur enige uitsending of weerkaatsing van elektromagnetiese energie, van die vervulling van die doeleindes van die telegrafie of telefonie (òf in die algemeen òf gedeeltelik, en sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van die voorgaande woorde, met betrekking tot al die of sommige van die ontvangers of bedoelde ontvangers van enige berig, geluid of optiese beeld wat bedoel is om deur middel van die telegrafie of telefonie oorgedra te word), en aan die uitdrukking „ steur " word dieselfde betekenis geheg;

„ myl ", 'n seemyl van 6,080 voet;

„ bedienpunt " ten opsigte van enige uitrusting, die plek wat iemand gewoonlik inneem wanneer hy die uitrusting bedien;

„ radiotelegraafskip ", 'n skip wat 'n radiotelegraafinstallasie het en wat nie 'n radiotelefoonskip is nie;

„ radiotelefoonnoodfrekwensie ", 'n frekwensie van 2,182 Khz;

„ radiotelefoonskip ", 'n skip wat nie 'n passasierskip is nie en 'n tonnemaat van 500 ton of meer maar minder as 1,600 ton het, waarvan die eienaar skriftelik aan die Sekretaris kennis gegee het (die kennisgewing moet nie ingetrek wees nie) dat die skip 'n radiotelefooninstallasie het ter voldoening aan hierdie regulasies;

„ radiowag ", in die geval van 'n radiotelegraafskip: luister op 'n frekwensie van 500 Khz., en in die geval van 'n radiotelefoonskip: luister op die radiotelefoonnoodfrekwensie;

„ stiltye ", die tydperke van drie minute wat vir die radiotelegrafie 15 minute en 45 minute na elke uur begin, en vir die radiotelefonie op elke uur en 30 minute na elke uur, in elke geval bepaal volgens middelbare Greenwichtyd;

„ ton ", bruto registerton;

met betrekking tot golwe en seine—

„ tipe A1 " radiotelegrafie deur 'n gelykgolf aan en af te sleutel;

„ tipe A2 ", amplitudegemoduleerde radiotelegrafie deur die sleuteling van 'n moduleeroudiofrekwensie of van 'n uitsending wat voortdurend deur 'n oudiofrekwensie gemoduleer word;

PRELIMINARY.

1. *Title of these Regulations.*

These regulations are called the Merchant Shipping Radio Regulations 1960.

(NOTE.—The Preliminary applies to all Parts of the regulations. Part I deals with radiotelegraphy and radiotelephony, and Part II with direction-finders. Part III deals with " Equivalents ", and the provisions are applicable to both Part I and Part II.)

2. *Interpretation.*

In these regulations the expression " the Act " means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned, and—

" connected " means electrically connected;

" existing installation " means—

(*a*) an installation wholly installed, in the case of a South African ship to which the Safety Convention applies, before the 19th November, 1952, and in the case of any other ship, before the date on which these regulations come into force; and

(*b*) an installation part of which was installed before the 19th November, 1952, or the date on which these regulations come into force, as the case may be, and the rest of which consists either of parts installed in replacement of identical parts, or parts which comply with the relative requirements of these regulations;

" interference " means the prejudicing by any emission or reflection of electro-magnetic energy of the fulfilment of the purposes of the telegraphy or telephony (either generally or in part, and, without prejudice to the generality of the preceding words, as respects all, or as respects any, of the recipients or intended recipients of any message, sound, or visual image intended to be conveyed by the telegraphy or telephony), and the expression " interfere " shall be construed accordingly;

" mile " means a nautical mile of 6,080 feet;

" operating position " in relation to any equipment means the position normally occupied by a person when operating such equipment;

" radiotelegraph ship " means a ship which is provided with a radiotelegraph installation, and which is not a radiotelephone ship;

" radiotelephone distress frequency " means a frequency of 2,182 kc/s;

" radiotelephone ship " means a ship which is not a passenger ship and which is of 500 tons or upwards but of less than 1,600 tons, the owner of which has given written notice to the Secretary (which notice has not been withdrawn) to the effect that the ship is provided wih a radiotelephone installation in compliance with these regulations;

" radio watch ", in the case of a radiotelegraph ship, means listening on a frequency of 500 kc/s, and in the case of a radiotelephone ship, means listening on the radiotelephone distress frequency;

" silence periods " means the periods of 3 minutes beginning for purposes of radiotelegraphy at 15 minutes and at 45 minutes after each hour; and for purposes of radiotelephony at each hour and at 30 minutes after each hour, in every case determined according to Greenwich Mean Time;

" tons " means gross register tons;

in relation to waves and signals—

" Type A1 " means radiotelegraphy by the keying of a continuous wave on and off;

" Type A2 " means amplitude modulated radiotelegraphy by the keying of a modulating audio frequency or of an emission continuously modulated by an audio frequency;

„ tipe A3 ", amplitudegemoduleerde dubbelsybandradiotelefonie; en

„ B-golwe ", gedempte golwe.

[OPMERKING.—Artikel *twee* van die Wet sluit die volgende woordbepalings in:—

„ vissersboot " beteken 'n skip wat vir gewin ter see visvang, maar dit omvat geen robbevaarder of walvisvaarder nie;

„ laslynregulasies " beteken die regulasies wat kragtens paragraaf (*c*) van subartikel (2) van artikel *driehonderd-ses-en-vyftig* uitgevaardig is om gevolg te gee aan Hoofstuk II van die Laslynkonvensie en Aanhangsel I en Aanhangsel II van daardie Konvensie, of bedoelde regulasies soos toegepas kragtens subartikel (3) van genoemde artikel;

„ Minister " beteken die Minister van Vervoer;

„ passasierskip " beteken 'n skip wat meer as twaalf passasiers vervoer;

* „ bevoegde beampte " beteken die beampte wat deur die Minister aangewys is as die bevoegde beampte by die plek en ten opsigte van die saak waarna verwys word in die bepaling in hierdie Wet waarin die uitdrukking voorkom;

„ Veiligheidskonvensie " beteken die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See wat op die tiende dag van Junie 1948 in Londen onderteken is en waarvan 'n vertaling in die Tweede Bylae van hierdie Wet opgeneem is, en enige wysiging daarvan;

„ Sekretaris " beteken die Sekretaris van Vervoer;

„ Suid-Afrikaanse skip " beteken 'n skip kragtens hierdie Wet in die Unie geregistreer of geag aldus geregistreer te wees.

* Vir die toepassing van hierdie regulasies het die Minister ondergenoemde amptenare as bevoegde beamptes in die Unie aangewys:—

Te Kaapstad en Durban: Die Eerste Beampte van die Marine-afdeling.

Te Port Elizabeth, Oos-Londen, Mosselbaai, Port Nolloth, Lüderitz en Walvisbaai: Die Koopvaardymeester.]

DEEL I.—RADIOTELEGRAFIE EN RADIOTELEFONIE.

HOOFSTUK I.—ALGEMEEN.

3. *Toepassing en indeling van skepe onder Deel I.*

(1) Behoudens die bepalings van paragraaf (2), is hierdie Deel van toepassing op—

(*a*) Suid-Afrikaanse skepe wat op die see uitvaar uit watter hawe ook al; en

(*b*) skepe wat nie Suid-Afrikaanse skepe is nie, en wat op die see uitvaar uit 'n hawe in die Unie.

(2) Hierdie Deel is nie van toepassing op skepe wat nie passasierskepe is en wat van die volgende soorte is nie:—

(*a*) Suid-Afrikaanse skepe wat—

(i) plesierjagte is;

(ii) nie deur meganiese middels aangedryf word nie; of

(iii) van minder as 500 ton is.

) Skepe wat nie Suid-Afrikaanse skepe is nie en wat—

(i) troepeskepe is;

(ii) nie deur meganiese middels aangedryf word nie;

(iii) plesierjagte is;

(iv) houtskepe van primitiewe bou, soos bv. dhows, jonke, ens., is;

(v) vissersbote is; of

(vi) van minder as 500 ton is.

) Die skepe waarop hierdie Deel van toepassing is, d as volg ingedeel:—

las I.

Skepe wat meer as 250 passasiers vervoer of ten opsigte waarvan daar 'n sertifikaat van krag is wat die Sekretaris uitgereik het of enige gesag wat daar-

"Type A3" means double sideband amplitude modulated radiotelephony; and

"Type B waves" means damped waves.

[NOTE.—Section *two* of the Act includes the following definitions:—

"fishing boat" means any ship engaged in sea fishing for profit, but does not include any sealing boat or whaling boat;

"load line regulations" means the regulations made under paragraph (*c*) of sub-section (2) of section *three hundred and fifty-six* to give effect to Chapter II of the Load Line Convention and Annex I and Annex II to that Convention, or such regulations as applied under sub-section (3) of the said section;

"Minister" means the Minister of Transport;

"passenger ship" means a ship which carries more than twelve passengers;

*"proper officer" means the officer designated by the Minister to be the proper officer at the place and in respect of the matter to which reference is made in the provision of this Act in which the expression occurs;

"Safety Convention" means the International Convention for the Safety of Life at sea signed in London on the tenth day of June, 1948, and set out in the Second Schedule hereto, and any amendment thereof;

"Secretary" means the Secretary for Transport;

"South African ship" means a ship registered in the Union in terms of this Act or deemed to be so registered.

* For the purposes of these regulations, the Minister has designated the following officers as proper officers in the Union:—

At Cape Town and Durban: The Principal Officer of the Marine Division.

At Port Elizabeth, East London, Mossel Bay, Port Nolloth, Lüderitz and Walvis Bay: The Shipping Master.]

PART I.—RADIOTELEGRAPHY AND RADIOTELEPHONY.

CHAPTER I.—GENERAL.

3. *Application and Classification of Ships under Part I.*

(1) Subject to the provisions of paragraph (2), this Part shall apply to—

(*a*) South African ships proceeding to sea from any port whatsoever; and

(*b*) ships which are not South African ships, and which proceed to sea from a port in the Union.

(2) This Part shall not apply to ships, which are not passenger ships, and which are of the following kinds:—

(*a*) South African ships which are—

(i) pleasure yachts;

(ii) not propelled by mechanical means; or

(iii) less than 500 tons.

(*b*) ships, which are not South African ships, and which are—

(i) troopships;

(ii) not propelled by mechanical means;

(iii) pleasure yachts;

(iv) wooden ships of primitive build, such as dhows, junks, etc.;

(v) fishing boats; or

(vi) of less than 500 tons.

(3) The ships to which this Part applies shall be classified as follows:—

Class I.

Ships carrying more than 250 passengers or in respect of which there is in force a certificate issued by the Secretary, or by any authority empowered in that behalf by the laws of any

toe gemagtig is deur die wette van enige ander land as die Unie, waarin verklaar word dat hulle geskik is om meer as 250 passasiers te vervoer, en wat—

(*a*) in die geval van Suid-Afrikaanse skepe, langer as 16 uur op see is tussen twee agtereenvolgende hawens;

(*b*) in die geval van skepe wat nie Suid-Afrikaanse skepe is nie, by 'n hawe in die Unie aankom nadat hulle meer as 16 uur op see was sedert hulle laas uit 'n hawe vertrek het, of ten opsigte waarvan om uitklaring gevra word uit 'n hawe in die Unie vir 'n reis waarvoor meer as 16 uur op see nodig is voordat hulle by 'n hawe aankom.

Klas II.

(*a*) Ander passasierskepe as dié van Klas I.

(*b*) Skepe wat nie passasierskepe is nie en wat van 1,600 ton of meer is.

Klas III.

Skepe wat nie passasierskepe is nie en wat van 500 ton of meer maar minder as 1,600 ton is.

4. *Verskaffing van radio-installasies.*

(1) Elke skip van Klas I en Klas II moet van 'n radiotelegraafinstallasie voorsien word, wat die uitrusting moet insluit wat in die Eerste Bylae gespesifiseer word.

(2) Elke skip van Klas III moet van 'n radiotelefooninstallasie voorsien word, wat die uitrusting moet insluit wat in die Eerste Bylae gespesifiseer word, met dien verstande dat die hoof- en noodradiotelegraafsenders in 'n skip van Klas III in 'n enkele toestel gekombineer kan word as dié toestel aan die vereistes van Deel I en Deel III van die Eerste Bylae kan voldoen.

5. *Klimaats- en Duursaamheidstoetse.*

(1) Alle uitrusting moet sodanig wees dat dit vry sal wees van meganiese defekte—

(*a*) terwyl dit die trillings-, droëhitte- en laetemperatuurtoetse ondergaan wat in die Derde Bylae gespesifiseer word;

(*b*) wanneer dit aan die klamhittetoets onderwerp word wat in subparagraaf (4) van paragraaf 3 van genoemde Bylae gespesifiseer word; en

(*c*) onmiddellik nadat dit dié van die ander toetse in genoemde Bylae ondergaan het wat in die omstandighede op die uitrusting van toepassing is.

(2) Alle uitrusting wat bedoel is vir gebruik in die ope lug of in 'n oop boot, moet sodanig wees dat daar geen skimmelgroei op sal wees nie nadat dit die skimmelgroeitoets ondergaan het wat in die Derde Bylae gespesifiseer word.

6. *Steuring van ontvangs.*

Op geen tydstip terwyl die skip op see is, mag die steuring of meganiese ruis wat deur die radio-installasie of deur ander uitrusting op die skip veroorsaak word, genoeg wees om die doeltreffende ontvangs van radioseine deur middel van dié installasie te verhinder nie.

7. *Hoëspanningsdele.*

(1) Alle dele en bedrading waarop hierdie regulasie van toepassing is, moet teen toevallige toegang beveilig wees en moet, behalwe in die geval van 'n ontwikkelaar of omsetter, outomaties geïsoleer wees van alle bronne van elektriese energie wanneer die beveilingsmiddel verwyder word.

Al sulke dele wat kapasitors in 'n sender is, moet ontlaai kan word.

(2) Hierdie regulasie is van toepassing op alle dele en bedrading van die uitrusting in hierdie Deel genoem waarin die gelykstroom- en die wisselstroomspanning (behalwe radiofrekwensiespannings) te eniger tyd kombineer om 'n oomblikspanning te gee wat groter is as—

(*a*) 50 volts in die geval van uitrusting in die Vierde Bylae gespesifiseer;

(*b*) 250 volts in die geval van alle ander uitrusting.

8. *Laai van batterye.*

Aan boord van elke skip moet vir middels voorsiening gemaak word om van die skip se hoofbron van elektriese energie af enige batterye, wat as bron van elektriese

country other than the Union, to the effect that they are fit to carry more than 250 passengers, and which—

(*a*) in the case of South African ships, are at sea for more than 16 hours between two consecutive ports;

(*b*) in the case of ships which are not South African ships, arrive at a port in the Union having been at sea for more than 16 hours since last leaving port, or in respect of which clearance is sought from a port in the Union for a voyage requiring more than 16 hours at sea before reaching port.

Class II.

(*a*) Passenger ships other than those of Class I.

(*b*) Ships, which are not passenger ships, and which are 1,600 tons and upwards.

Class III.

Ships, which are not passenger ships, and which are 500 tons and upwards, but less than 1,600 tons.

4. *Provision of Radio Installations.*

(1) Every ship of Class I and Class II shall be provided with a radiotelegraph installation which shall include the equipment specified in the First Schedule.

(2) Every ship of Class III shall be provided with a radiotelephone installation which shall include the equipment specified in the Second Schedule, or with a radiotelegraph installation which shall include the equipment specified in the First Schedule: Provided that the main and emergency radiotelegraph transmitters in a ship of Class III may be combined in a single instrument, if that instrument is capable of complying with the requirements of Parts I and III of the First Schedule.

5. *Climatic and Durability Tests.*

(1) All equipment shall be such that it will be free of mechanical defects—

(*a*) while undergoing the vibration, dry heat, and low temperature tests specified in the Third Schedule;

(*b*) when subjected to the damp heat test specified in sub-paragraph (4) of paragraph 3 of the said Schedule; and

(*c*) immediately after undergoing such of the other tests specified in the said Schedule as are applicable to the equipment in the circumstances.

(2) Any such equipment which is intended for use in the open or in an open boat shall be such that after undergoing the mould growth test specified in the Third Schedule, no mould growth will be present on it.

6. *Interference with Reception.*

At no time while the ship is at sea shall the interference or mechanical noise produced by the radio installation or by other equipment in the ship be sufficient to prevent the effective reception of radio signals by means of such installation.

7. *High Voltage Parts.*

(1) All parts and wiring to which this regulation applies shall be protected from accidental access and, except in the case of a generator or converter, shall be isolated automatically from all sources of electrical energy when the means of protection are removed.

Any such parts which are capacitors in a transmitter shall be capable of being discharged.

(2) This regulation applies to all parts and wiring of the equipment specified in this Part in which the direct and alternating voltages (other than radio-frequency voltages) combine at any time to give an instantaneous voltage greater than—

(*a*) 50 volts in the case of equipment specified in the Fourth Schedule;

(*b*) 250 volts in the case of all other equipment.

8. *Charging of Batteries.*

Means shall be provided on board every ship for the charging from the ship's main source of electrical energy of any batteries which are provided as a source of electrical

energie vir enige deel van die uitrusting verskaf word, te laai. As die middel om die batterye te laai 'n draaiankeromsetter is, moet bowendien 'n alternatiewe middel vir die laai van die batterye verskaf word.

HOOFSTUK II.—RADIOTELEGRAFIE.

9. *Elektriese onafhanklikheid van hoof- en noodradiotelegraafuitrusting.*

Onderworpe aan die bepalings van paragraaf (2) van regulasie 4, moet die hoof- en die noodradiotelegraafuitrusting wat aan boord van 'n radiotelegraafskip verskaf word, elektries onafhanklik van mekaar wees.

10. *Radiotelegraafkamer.*

(1) Elke radiotelegraafinstallasie wat aan boord van 'n radiotelegraafskip verskaf word, moet geïnstalleer word in een of meer radiotelegraafkamers wat vir geen ander doel as die gebruik van radio-uitrusting gebruik word nie. Die radiotelegraafkamers moet so geleë wees dat die doeltreffende ontvangs van radioseine nie deur geluide van buite af of andersins belemmer sal word nie, en moet so hoog as doenlik op die skip wees.

(2) Elke radiotelegraafinstallasie wat aan boord van 'n radiotelegraafskip verskaf word, moet op so 'n plek geïnstalleer word dat dit teen belemmering van sy doeltreffendheid deur water of temperatuuruiterstes beveilig sal wees.

(3) Elke radiotelegraafkamer moet voorsien wees van—

(*a*) 'n doeltreffende tweerigtingroep-en-spraakverbindingsmiddel met die brug en elke ander plek waarvandaan die skip gewoonlik genavigeer word. Dié verbindingsmiddel moet 'n spreekbuis of 'n telefoon wees of 'n ander ewe doeltreffende middel en moet onafhanklik wees van die hoofkommunikasiestelsel van die skip en van die skip se hoofbron van elektriese energie;

(*b*) 'n betroubare horlosie, met 'n wyserplaat wat 'n middellyn van minstens 5 duim het en 'n sekondewyser in die middel, stewig gemonteer op so 'n plek dat die hele wyserplaat maklik en akkuraat van die radiotelegraafbedienpunt af gesien kan word en, indien die skip 'n outomatiese alarm het, van die punt af waar iemand wat die outomatiese alarm toets, gewoonlik is;

(*c*) 'n elektriese lamp wat brand van die bron van elektriese energie af wat by paragraaf (2) van regulasie 13 vereis word en permanent so geplaas is dat dit die kontroles van die hoof- en die noodradiotelegraafinstallasie asook die horlosie wat by hierdie regulasie vereis word, voldoende verlig, en beheer deur middel van tweewegskakelaars wat onderskeidelik naby die ingang van die radiotelegraafkamer en by die radiotelegraafbedienpunt aangebring is;

(*d*) nog 'n elektriese lamp, vir gebruik as 'n inspeksielamp, wat van bogenoemde energiebron af brand en voorsien is van 'n buigsame leiding wat lank genoeg is sodat alle dele van die radiotelegraafinstallasie maklik gesien kan word;

(*e*) 'n stoel wat by die radiotelegraafbedienpunt vasgesit kan word.

(4) 'n Volledige lys van reserwe-uitrusting en reserwedele wat aan boord van die skip gehou word vir die instandhouding van die radiotelegraafinstallasie moet in elke radiotelegraafkamer beskikbaar wees en aandui waar die uitrusting en dele gehou word.

(5) 'n Yktabel of ykkromme vir elke sender en ontvanger wat deel uitmaak van die radiotelegraafinstallasie moet te alle tye in die radiotelegraafkamer beskikbaar wees, tensy die sender of ontvanger, na gelang van die geval, regstreeks geyk word.

(6) In die geval van 'n radiotelegraafinstallasie wat nie 'n bestaande installasie is nie, moet 'n volledige diagram van die bedrading van die installasie te alle tye in die radiotelegraafkamer beskikbaar wees.

11. *Antennes.*

(1) Elke radiotelegraafskip moet 'n hoofantenne en 'n noodantenne hê.

(OPMERKING.—Ooreenkomstig regulasie 32 kan 'n skip vrygestel word van die vereiste van 'n noodantenne.)

energy for any part of the equipment. An alternative means of charging such batteries shall also be provided if the means of charging such batteries is a rotary converter.

CHAPTER II.—RADIOTELEGRAPHY.

9. *Electrical Independence of Main and Emergency Radiotelegraph Equipments.*

Subject to the provisions of paragraph (2) of regulation 4, the main and emergency radiotelegraph equipments provided on board a radiotelegraph ship shall be electrically independent of each other.

10. *Radiotelegraph Room.*

(1) Every radiotelegraph installation provided on board a radiotelegraph ship shall be installed in one or more radiotelegraph rooms not used for any purpose other than the operation of radio equipment. The radiotelegraph rooms shall be in such a position that there will be no disturbance by extraneous noises or otherwise with the effective reception of radio signals, and shall be as high as practicable in the ship.

(2) Every radiotelegraph installation provided on board a radiotelegraph ship shall be installed in such a position that it will be protected against disturbance of its effectiveness by water or by extremes of temperature.

(3) Every radiotelegraph room shall be provided with—

(*a*) an efficient two-way means of calling and voice communication with the bridge and any other place from which the ship is normally navigated. Such means of communication shall be a voicepipe or a telephone, or some other means equally efficient, and shall be independent of the main communication system of the ship and of the ship's main source of electrical energy;

(*b*) a reliable clock, equipped with a dial not less than 5 inches in diameter and a centre seconds hand, securely mounted in such a position that the entire dial can be easily and accurately observed from the radiotelegraph operating position and, if the ship is provided with an auto-alarm, from the position normally occupied by a person testing the auto-alarm;

(*c*) an electric lamp, operated from the source of electrical energy required by paragraph (2) of regulation 13 and permanently arranged so as to be capable of providing adequate illumination of the operating controls of the main and emergency radiotelepraph installations and of the clock required by this regulation, and controlled by two-way switches placed respectively near the entrance to the radiotelegraph room and at the radiotelegraph operating position;

(*d*) an additional electric lamp, for use as an inspection lamp, operated from the aforesaid source of energy, and provided with a flexible lead of sufficient length to enable all parts of the radiotelegraph installation to be easily seen;

(*e*) a chair capable of being fixed at the radiotelegraph operating position.

(4) A complete list of spare equipment and spare parts carried on board the ship for the maintenance of the radiotelegraph installation, shall be available in every radiotelegraph room and shall indicate where such equipment and parts are kept.

(5) A calibration table or calibration curve for each transmitter and receiver forming part of the radiotelegraph installation shall always be available in the radiotelegraph room, unless the transmitter or receiver, as the case may be, is directly calibrated.

(6) In the case of a radiotelegraph installation which is not an existing installation, a complete diagram of the wiring of such installation shall always be available in the radiotelegraph room.

11. *Aerials.*

(1) Every radiotelegraph ship shall be fitted with a main aerial and an emergency aerial.

(NOTE.—In terms of regulation 32 a ship may be exempted from the requirement of an emergency aerial.)

(2) Aan elkeen van die hystoue wat gebruik word om die hoofantenne te ondersteun, moet 'n veiligheidslus tussen die mastop of ander antennesteun en 'n antenne-isolator aangebring word. Dié veiligheidslus moet bestaan uit 'n deel van die hystou wat minstens drie voet lank is; die lus word gesluit met 'n skakel hoogstens een voet drie duim lank met 'n breekbelasting van hoogstens een derde van die breekbelasting van die antenne of die hystou, na gelang van watter die minste is.

(3) 'n Montasieplan van die antennes moet in die radiotelegraafkamer beskikbaar wees en moet die volgende aantoon:—

(*a*) Vertikale aansig en plattegrond van die antennes;

(*b*) die afmetings van die antennes in voet en duim; en

(*c*) die hoogte van die antennes in meters, gemeet soos gespesifiseer in paragraaf (3) van regulasie 12.

(4) Die hoofantenne en die noodantenne (as daar een is) moet, waar doenlik, so gemonteer word dat beskadiging van die een nie die doeltreffendheid van die ander sal beïnvloed nie.

(5) Die hoof- en die noodantenne moet elkeen, na die eis van omstandighede, verbind kan word met—

(*a*) die hoofsender, òf regstreeks òf oor 'n versterker;

(*b*) die hoofontvanger; en

(*c*) die noodsender.

Die noodantenne moet ook met die noodontvanger verbind kan word.

12. *Sendafstand van senders.*

(1) Die normale sendafstande van radiotelegraafsenders moet minstens die volgende wees:—

(*a*) in die geval van 'n skip van Klas I, 175 myl vir die hoofsender en 150 myl vir die noodsender;

(*b*) in die geval van 'n skip van Klas II, 150 myl vir die hoofsender en 100 myl vir die noodsender;

(*c*) in die geval van 'n skip van Klas III, 100 myl vir die hoofsender en 75 myl vir die noodsender.

(2) Die sendafstand van 'n sender word, na die eienaar van die skip verkies, òf deur berekening òf deur 'n toets bepaal.

(3) Wanneer die normale sendafstand van 'n radiotelegraafsender deur berekening bepaal word, moet dit gedoen word deur die produk te bepaal van die effektiewe stroom in ampères aan die voet van die hoofantenne en die maksimum hoogte in meters van die antenne, gemeet van die laslynmerk af wat die grootste diepte aandui waartoe die skip op enige tydstip of plek mag sak ooreenkomstig die laslynregulasies of, as daar nie so 'n merk aan die skip is nie, van die gemiddelde hoogte van die oppervlak van die water waarin die skip drywe. Die produk wat so verkry word in meter-ampères, word in myle omgereken volgens onderstaande tabel:—

Produk in meter-ampères.	*Ekwivalent in myl.*
102	175
76	150
45	100
34	75
10	25

(4) Wanneer die normale sendafstand van 'n radiotelegraafsender deur 'n toets bepaal word, is dit die afstand wat dié sender seine gedurende die dag onder normale toestande op 'n frekwensie van 500 Khz. oor die see kan stuur, sodat by die ontvanger 'n totale effektiewe veldsterkte tot stand gebring word van minstens 50 mikrovolts per meter.

13. *Toevoer van elektiese energie.*

(1) Op elke radiotelegraafskip moet daar, terwyl die skip op die see is en op alle redelike tye wanneer die skip in 'n hawe is, vir toetsdoeleindes 'n toevoer van elektriese energie beskikbaar wees van die skip se hoofbron van elektiese energie af wat voldoende is vir die werking van die hoofradiotelegraafuitrusting ooreenkomstig hierdie Deel en vir die laai van batterye wat as bron van elektriese energie dien vir die radiotelegraafinstallasie. Die ontwerpspanning van die toevoer van elektriese energie vir die hoofuitrusting moet binne plus of minus 10 persent

(2) Each of the halyards used for supporting the main aerial shall be fitted with a safety loop between the mast-head or other aerial support and an aerial insulator. Such safety loop shall consist of a part of the halyard not less than three feet long, the loop being closed by a link not more than one foot three inches long with a breaking load not more than one-third of the breaking load of the aerial or the halyard, whichever is the less.

(3) A rigging plan of such aerials shall be available in the radiotelegraph room, and shall show the following:—

(*a*) Elevation and plan views of the aerials;

(*b*) the measurements of the aerials in feet and inches; and

(*c*) the height of the aerials in metres measured in the manner specified in paragraph (3) of regulation 12.

(4) The main aerial and the emergency aerial (if any) shall where practicable, be so rigged that damage to the one will not affect the efficiency of the other.

(5) The main and emergency aerials shall each be capable of being connected, as circumstances may require, to—

(*a*) the main transmitter, either directly or with the intervention of an amplifier;

(*b*) the main receiver; and

(*c*) the emergency transmitter.

The emergency aerial shall also be capable of being connected to the emergency receiver.

12. *Range of Transmitters.*

(1) The normal ranges of radiotelegraph transmitters shall not be less than—

(*a*) in the case of a ship of Class I, 175 miles for the main transmitter and 150 miles for the emergency transmitter;

(*b*) in the case of a ship of Class II, 150 miles for the main transmitter and 100 miles for the emergency transmitter;

(*c*) in the case of a ship of Class III, 100 miles for the main transmitter and 75 miles for the emergency transmitter.

(2) The range of a transmitter shall be determined, at the option of the owner of the ship, either by reckoning or by test.

(3) The normal range of a radiotelegraph transmitter when determined by reckoning, shall be calculated by ascertaining the product of the root mean square current in amperes at the base of the main aerial and the maximum height in metres of the aerial measured from the load line mark indicating the greatest depth to which the ship may at any time or place be submerged in accordance with the load line regulations, or if there is no such mark on the ship, from the mean level of the surface of the water in which the ship is afloat. The product so ascertained in metre-amperes shall be converted to miles in accordance with the following table:—

Product in metre-amperes.	*Equivalent in miles.*
102	175
76	150
45	100
34	75
10	25

(4) The normal range of a radiotelegraph transmitter, when determined by test, shall be the distance to which signals can be transmitted by such transmitter over the sea by day under normal conditions on a frequency of 500 kc/s so as to set up at the receiver a total root mean square field strength of at least 50 microvolts per metre.

13. *Supply of Electrical Energy.*

(1) There shall be available in every radiotelegraph ship while the ship is at sea and at all reasonable times when the ship is in port, for testing purposes, a supply of electrical energy from the ship's main source of electrical energy sufficient for the operation of the main radiotelegraph equipment in accordance with this Part, and for the charging of any batteries which are a source of electrical energy for the radiotelegraph installation. The rated voltage of the supply of electrical energy for the main equipment shall be maintained within plus or minus 10

gehandhaaf word. Die toevoer van elektriese energie moet, as dit 'n gelykstroomtoevoer is, van die regte polariteit wees. Op 'n skip wat nie op 'n internasionale reis gebruik word nie, kan genoemde toevoer van elektriese energie egter uit 'n battery verkry word; in dié geval moet ook 'n duplikaatbattery vir dié doel verskaf word.

(2) Die nooduitrustig moet 'n bron van elektriese energie insluit wat onafhanklik is van die dryfkrag van die skip en van die res van die skip se elektriese installasie en wat onmiddellik in werking gestel kan word deur middel van 'n skakelbord wat in 'n radiotelegraafkamer aangebring is of maklik daarvandaan bereik kan word. Enige bron van elektriese energie wat ooreenkomstig hierdie paragraaf verskaf word, moet van sodanige kapasiteit wees en te alle tye wanneer die skip op die see is in so 'n toestand gehou word dat dit 6 uur lank onafgebroke, ongeag of dit in gebruik is vir enige ander doel of nie, 'n totale stroom kan lewer wat gelyk is aan die som van—

(*a*) die stroom wat nodig is om die noodsender te laat werk met die skakelaar op;

(*b*) drie vyfdes van die verskil tussen die stroom wat nodig is om die noodsender te laat werk met die skakelaar af en die stroom nodig om dit te laat werk met die skakelaar op;

(*c*) die stroom wat nodig is om die noodontvanger te laat werk; en

(*d*) die stroom wat verbruik word deur die elektriese lamp wat by subparagraaf (*c*) van paragraaf (3) van regulasie 10 vereis word.

(3) Die bron van elektriese energie wat ingevolge paragraaf (2) verskaf word, moet op geen tydstip vir iets anders gebruik word nie as om die volgende te laat werk:—

(*a*) Die noodsender en -ontvanger;

(*b*) die lampe wat by subparagrawe (*c*) en (*d*) van paragraaf (3) van regulasie 10 vereis word;

(*c*) die outomatiese sleuteltoestel;

(*d*) 'n outomatiese alarm;

(*e*) 'n rigtingsoeker.

14. *Gereedskap, meetinstrumente en reserwedele.*

Elke radiotelegraafskip moet voorsien wees van die gereedskap, meetinstrumente, reserwedele en ander materiaal wat in die Vyfde Bylae gespesifiseer word.

15. *Verskaffing van radiobeamptes.*

(1) Elke radiotelegraafskip wat, wanneer hy op die see uitvaar, nie van 'n outomatiese alarm voorsien is wat aan die vereistes in die Sesde Bylae gestel, voldoen nie, moet die volgende radiobeamptes hê:—

Klas I.—Drie radiobeamptes.

Klas II.—Twee radiobeamptes wanneer hy hoogstens 48 uur lank op die see is tussen twee agtereenvolgende hawens en drie radiobeamptes as hy meer as 48 uur op die see is tussen agtereenvolgende hawens.

Klas III.—Een radiobeampte.

(2) Elke radiotelegraafskip wat, wanneer hy op die see uitvaar, van 'n outomatiese alarm voorsien is wat aan voorgenoemde vereistes voldoen, moet die volgende radiobeamptes hê:—

Klas I.—Twee radiobeamptes.

Klas II.—Een radiobeampte.

Klas III.—Een radiobeampte.

16. *Kwalifikasies van radiobeamptes.*

(1) Niemand is geregtig om 'n radiobeampte te wees of mag as sodanig in diens wees op 'n Suid-Afrikaanse skip wat 'n radiotelegraafskip is nie tensy hy—

(*a*) 'n Suid-Afrikaanse burger is of 'n burger van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond;

(*b*) in besit is van 'n geldige sertifikaat van bekwaamheid of bevoegdheid in radiotelegrafie van die eerste of tweede klas, toegeken deur die Posmeester-generaal of, behoudens artikel *driehonderd vier-en-vyftig* van die Wet, deur 'n gesag

per cent. The supply of electrical energy shall, if it is a direct current supply, be of correct polarity. Provided that in any ship not engaged on an international voyage the aforesaid supply of electrical energy may be derived from a battery, in which case a duplicate battery shall also be provided for that purpose.

(2) The emergency equipment shall include a source of electrical energy independent of the propelling power of the ship and of the rest of the ship's electrical installation, and be capable of being brought into immediate operation by means of a switchboard situated in a radiotelegraph room or readily accessible therefrom. Any source of electrical energy provided in compliance with this paragraph shall be of such capacity and shall be maintained at all times when at sea in such condition as to be able to supply continuously for a period of 6 hours, whether or not it is in use for any other purpose, a total current equal to the sum of—

(*a*) the current required to operate the emergency transmitter with the key up;

(*b*) three-fifths of the difference between the current required to operate the emergency transmitter with the key down and the current required to operate it with the key up;

(*c*) the current required to operate the emergency receiver; and

(*d*) the current consumed by the electric lamp required by sub-paragraph (*c*) of paragraph (3) of regulation 10.

(3) The source of electrical energy provided under paragraph (2) shall not be used at any time except for the operation of—

(*a*) the emergency transmitter and receiver;

(*b*) the lamps required by sub-paragraphs (*c*) and (*d*) of paragraph (3) of regulation 10;

(*c*) the automatic keying device;

(*d*) an auto-alarm;

(*e*) a direction-finder.

14. *Tools, Measuring Instruments and Spare Parts.*

Every radiotelegraph ship shall be provided with the tools, measuring instruments, spare parts and other material specified in the Fifth Schedule.

15. *Provision of Radio Officers.*

(1) Every radiotelegraph ship which upon proceeding to sea is not provided with an auto-alarm complying with the requirements specified in the Sixth Schedule shall be provided with radio officers as follows:—

Class I—three radio officers.

Class II—two radio officers if she is at sea for not more than 48 hours between consecutive ports, and three radio officers if she is at sea for more than 48 hours between consecutive ports.

Class III—one radio officer.

(2) Every radiotelegraph ship which upon proceeding to sea is provided with an auto-alarm complying with the aforesaid requirements shall be provided with radio officers as follows:—

Class I—two radio officers.

Class II—one radio officer.

Class III—one radio officer.

16. *Qualifications of Radio Officers.*

(1) No person shall be qualified to be a radio officer, or be employed as such, on any South African ship which is a radiotelegraph ship unless—

(*a*) he is a South African citizen or a citizen of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth;

(*b*) he holds a valid certificate of proficiency or competence in radiotelegraphy of the first or second class granted by the Postmaster-General, or subject to section *three hundred and fifty-four* of the Act by an authority empowered in that behalf by

daartoe gemagtig deur die wette van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond; dié sertifikaat moet deur die Posmeester-generaal erken word as gelykwaardig met die sertifikaat wat hy toeken; en

(*c*) hy die verklaring van geheimhouding onderskryf het wat by subartikel (2) van artikel *tweehonderd twee-en-twintig* van die Wet vereis word.

(2) Op elke Suid-Afrikaanse passasierskip moet minstens een van die radiobeamptes in besit wees van so 'n sertifikaat, wat van die eerste klas moet wees.

(3) Vir die toepassing van subparagraaf (*b*) van paragraaf (1) word geen bekwaamheid- of bevoegdheidsertifikaat op enige datum as geldig beskou nie as dit meer as twee jaar voor dié datum toegeken is en òf—

(*a*) die houer se tydperke van ondervinding altesaam nie drie maande is nie; òf

(*b*) die houer se laaste ondervinding meer as twee jaar voor dié datum was,

tensy die houer die Posmeester-generaal deur hereksamen of op 'n ander wyse daarvan oortuig dat hy nog al die kwalifikasies besit wat in sy sertifikaat gemeld word. Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken die uitdrukking „ondervinding" ondervinding ter see as radiobeampte of ondervinding as bediener van radiotelegraafapparaat by 'n radiotelegraafstasie wat die Posmeester-generaal of die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie op land in stand hou vir kommunikasie met handelskepe, of ondervinding in 'n soortgelyke radiotelegraafstasie in 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond, mits van sodanige ondervinding bewys gelewer kan word tot tevredenheid van die bevoegde beampte.

(4) Op elke Suid-Afrikaanse skip van Klas I en Klas II (*a*) moet minstens een van die radiobeamptes iemand wees wat ondervinding ter see opgedoen het as radiobeampte vir altesaam minstens—

(*a*) twee jaar in die geval van skepe van Klas I; en

(*b*) een jaar in die geval van skepe van Klas II (*a*).

(5) Op elke Suid-Afrikaanse skip van 3,000 ton of meer van Klas II (*b*) moet minstens een van die radiobeamptes iemand wees wat ondervinding ter see opgedoen het as radiobeampte vir altesaam minstens ses maande, en in skepe van Klas II (*b*) van 1,600 ton en meer maar minder as 3,000 ton, vir altesaam minstens drie maande.

(6) Niemand word as 'n radiobeampte aan boord van 'n skip wat nie in die Unie geregistreer is, beskou nie tensy hy in besit is van 'n geldige sertifikaat van bekwaamheid of bevoegdheid in radiotelegrafie toegeken deur 'n gesag wat daartoe gemagtig is of in dié verband erken word deur die wette van die land waarin die skip geregistreer is; die Posmeester-generaal moet dié sertifikaat erken as gelykwaardig met die sertifikaat wat hy toeken.

17. *Radiowag deur middel van radiotelegraaf.*

(1) Behoudens die bepalings van paragraaf (1) van regulasie 18, moet radiowag ter see aan boord van elke radiotelegraafskip deur 'n radiobeampte gehou word, as volg:—

(*a*) Indien die skip, wanneer hy op die see uitvaar, nie van 'n outomatiese alarm voorsien is wat voldoen aan die vereistes wat in die Sesde Bylae gespesifiseer word nie—

(i) in die geval van 'n skip van Klas I en Klas II, 'n onafgebroke wag;

(ii) in die geval van 'n skip van Klas III, 'n wag van agt uur per dag op die tye genoem in kolom 5 van die Sewende Bylae, met betrekking tot die sone waarin die skip dan is;

(*b*) indien die skip, wanneer hy op die see uitvaar, voorsien is van 'n outomatiese alarm soos hierbo gemeld—

(i) in die geval van 'n skip van Klas I, 'n wag van sestien uur per dag op die tye genoem in kolom 4 van die Sewende Bylae, met betrekking tot die sone waarin die skip dan is;

the laws of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth, which certificate is recognised by the Postmaster-General as the equivalent of such a certificate granted by him; and

(*c*) he has subscribed to the declaration of secrecy required by sub-section (2) of section *two hundred and twenty-two* of the Act.

(2) In any South African passenger ship at least one of the radio officers shall hold such a certificate which shall be of the first class.

(3) For the purposes of sub-paragraph (*b*) of paragraph (1) no certificate of proficiency or competency shall be deemed to be valid at any date if it was granted more than two years before that date and either—

(*a*) the holder's periods of experience do not total three months; or

(*b*) the holder's last experience was more than two years before that date,

unless the holder satisfies the Postmaster-General by re-examination or otherwise that he still possesses all of the qualifications described in his certificate. For the purposes of this regulation the expression "experience" means experience at sea as a radio officer or experience as an operator of radiotelegraph apparatus at a radiotelegraph station maintained on land by the Postmaster-General or the South African Railways Administration for communication with merchant ships, or experience in a similar radiotelegraph station in a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth, provided proof of such experience can be produced to the satisfaction of the proper officer.

(4) In any South African ship of Class I and Class II (*a*) at least one of the radio officers shall be a person who has had experience at sea as a radio officer for a total of not less than—

(*a*) two years in the case of ships of Class I; and

(*b*) one year in the case of ships of Class II (*a*).

(5) In any South African ship of 3,000 tons or upwards of Class II (*b*), at least one of the radio officers shall be a person who has had experience at sea as a radio officer for a total of not less than six months, and in ships of Class II (*b*) of 1,600 tons and upwards but under 3,000 tons, for a total of not less than three months.

(6) No person shall be deemed to be a radio officer on board any ship not registered in the Union unless he holds a valid certificate of proficiency or competence in radiotelegraphy granted by an authority empowered or recognised in that behalf by the laws of the country in which the ship is registered, which certificate is recognised by the Postmaster-General as the equivalent of such a certificate granted by him.

17. *Radio Watch by Radiotelegraph.*

(1) Subject to the provisions of paragraph (1) of regulation 18, radio watch shall be maintained at sea on board every radiotelegraph ship by a radio officer as follows:—

(*a*) If the ship upon proceeding to sea is not provided with an auto-alarm complying with the requirements specified in the Sixth Schedule—

(i) in the case of a ship of Class I or Class II a continuous watch;

(ii) in the case of a ship of Class III, a watch of eight hours a day at the times specified in column 5 of the Seventh Schedule in relation to the zone in which the ship then is.

(*b*) If the ship upon proceeding to sea is provided with an auto-alarm as aforesaid—

(i) in the case of a ship of Class I, a watch of sixteen hours a day at the times specified in Column 4 of the Seventh Schedule in relation to the zone in which the ship then is;

(ii) in die geval van 'n skip van Klas II of Klas III, 'n wag van agt uur per dag op die tye genoem in kolom 5 van die Sewende Bylae, met betrekking tot die sone waarin die skip dan is.

(2) Elke outomatiese alarm aan boord van 'n radiotelegraafskip moet op alle tye wanneer geen radiowag gehou word nie, in werking wees, tensy die outomatiese alarm onklaar geraak het sedert die skip laas op die see uitgevaar het en nie op die see so herstel kan word dat dit doeltreffend werk nie.

18. *Waghou, toets en instandhouding deur radiobeamptes.*

(1) Elke radiobeampte aan boord van 'n radiotelegraafskip moet dwarsdeur sy dienstydperk radiowaghou deur middel van koptelefoonontvangs, behalwe wanneer 'n ander radiobeampte radiowaghou deur middel van koptelefoonontvangs; met dien verstande dat—

(*a*) radiowag deur middel van luidsprekerontvangs gehou kan word; of

(*b*) indien luidsprekerontvangs nie doenlik is nie, van radiowag afgesien kan word, behalwe gedurende 'n stiltetyd,

vir die tye wat nodig is om die radiobeampte in staat te stel om ander dienste te verrig ter voldoening aan hierdie Deel of Deel II (Rigtingsoekers).

(2) Elke radiobeampte aan boord van 'n radiotelegraafskip wat van 'n outomatiese alarm voorsien is wat voldoen aan die vereistes in die Sesde Bylae gestel, moet, wanneer radiowag gestaak word gedurende of aan die einde van sy dienstydperk, die outomatiese alarm met die skip se hoofantenne of met 'n ander ewe doeltreffende antenne verbind en die outomatiese alarm in werking stel. Elke radiobeampte wat 'n outomatiese alarm in werking laat wanneer hy van diens af gaan, moet, eerdat hy van diens af gaan—

(*a*) die doeltreffendheid van die outomatiese alarm toets; en

(*b*) die uitslag van die toets onmiddellik aan die gesagvoerder van die skip of aan die beampte in beheer van die navigasie van die skip bekendmaak.

(3) Elke sodanige radiobeampte wat, wanneer hy op diens gaan, vind dat 'n outomatiese alarm met 'n antenne verbind is, moet onmiddellik die doeltreffendheid van die outomatiese alarm toets voordat hy daaraan stel.

(4) Terwyl 'n radiotelegraafskip op die see is, moet die radiobeampte of, as daar meer as een is, die eerste radiobeampte, die volgende toetse laat uitvoer:—

(*a*) Een maal daagliks die noodradiotelegraafsender laat toets wat met 'n kunsantenne verbind is wat voldoen aan die vereistes gestel in paragraaf 13 van Deel III van die Eerste Bylae;

(*b*) as die skip op 'n internasionale reis gebruik word, een maal gedurende elke reis die noodradiotelegraafsender laat toets wat met die noodantenne, as daar een is, verbind is;

(*c*) eenmaal daagliks met 'n voltmeter en een maal per maand met 'n hidrometer alle batterye laat toets wat 'n energiebron vir die radiotelegraafinstallasie is;

(*d*) eenmaal daagliks elke ander bron van elektriese energie wat vir die noodradiotelegraafuitrusting verskaf word, laat toets; en

(*e*) eenmaal daagliks die kringe van die hoorbare alarms en die klokke wat deel uitmaak van die outomatiese alarm laat toets.

(5) Terwyl 'n radiotelegraafskip op die see is, moet die radiobeampte of, as daar meer as een is, die eerste radiobeampte, alle stappe doen wat hy moontlik kan om die uitrusting waaroor dit in hierdie Deel gaan, behoorlik te laat onderhou en wanneer nodig te laat herstel en regstel. Dié beampte moet alle batterye wat 'n bron van elektriese energie is vir enige deel van die radiotelegraafinstallasie, waarvan gevind word dat hulle nie ten volle gelaai is nie, so gou moontlik laat vol laai.

(ii) in the case of a ship of Class II or Class III, a watch of eight hours a day at the times specified in Column 5 of the Seventh Schedule in relation to the zone in which the ship then is.

(2) Any auto-alarm provided on board a radiotelegraph ship shall be in operation at all times at which a radio watch is not maintained unless the auto-alarm has broken down since the ship last put to sea and cannot be repaired at sea so as to operate effectively.

18. *Watchkeeping, Testing and Maintenance by Radio Officers.*

(1) Every radio officer on board a radiotelegraph ship shall keep radio watch by means of headphone reception throughout his period of duty except when another radio officer keeps radio watch by headphone reception: Provided that—

(*a*) radio watch may be maintained by means of loud-speaker reception; or

(*b*) if loud-speaker reception is impracticable radio watch may be dispensed with except during a silence period,

for such periods as may be necessary to enable the radio officer to perform other duties in compliance with this Part or with Part II (Direction-finders).

(2) Every radio officer on board a radiotelegraph ship provided with an auto-alarm complying with the requirements specified in the Sixth Schedule shall, whenever radio watch ceases to be maintained during or at the end of his period of duty, connect the auto-alarm with the ship's main aerial, or with any other equally efficient aerial, and shall put the auto-alarm into operation. Every radio officer who leaves an auto-alarm in operation when he goes off duty shall before going off duty—

(*a*) test the efficiency of the auto-alarm; and

(*b*) immediately report the result of such test to the master of the ship or to the officer in charge of the navigation of the ship.

(3) Every such radio officer who finds an auto-alarm connected to an aerial when he goes on duty shall immediately test the efficiency of the auto-alarm before making any adjustment thereto.

(4) While a radiotelegraph ship is at sea, the radio officer, or if there is more than one, the first radio officer, shall cause the following tests to be made:—

(*a*) A test once a day of the emergency radiotelegraph transmitter connected with an artificial aerial complying with the requirements specified in paragraph 13 of Part III of the First Schedule;

(*b*) if the ship is engaged on an international voyage a test once during every voyage of the emergency radiotelegraph transmitter connected with the emergency aerial, if any;

(*c*) a test once a day by voltmeter and once a month by hydrometer of any batteries which are a source of energy for the radiotelegraph installation;

(*d*) a test once a day of any other source of electrical energy provided for the emergency radiotelegraph equipment; and

(*e*) a test once a day of the audible alarm circuits and of the bells forming part of the auto-alarm.

(5) While a radiotelegraph ship is at sea, the radio officer, or if there is more than one, the first radio officer, shall take all steps within his power to cause the equipment referred to in this Part to be properly maintained and when necessary to be repaired and adjusted. Such officer shall cause all batteries, being a source of electrical energy for any part of the radiotelegraph installation, which are found not to be fully charged to be brought up to that condition as soon as may be.

19. *Beperking van gebruik van noodsender.*

Die sender wat deel uitmaak van die noodradiotelegraafuitrusting mag nie gebruik word om ander berigte as dié wat op die veiligheid van menselewens op see betrekking het, uit te send nie, tensy dié sender voldoen aan die vereistes gestel in Deel I van die Eerste Bylae.

20. *Radiotelegraaflog.*

(1) 'n Radiotelegraaflogboek in vorm T.V. 5/321 en T.V. 5/321 (*a*), in die Agste Bylae gespesifiseer, moet in 'n radiotelegraafkamer aan boord van elke Suid-Afrikaanse radiotelegraafskip gehou word en beskikbaar wees vir insae deur elkeen wat die Sekretaris of die Posmeestergeneraal daartoe gemagtig het.

(2) Elke radiobeampte aan boord van so 'n skip moet, wanneer hy op diens is, in die logboek inskryf—

(*a*) sy naam;

(*b*) die tye waarop hy op diens kom en van diens af gaan;

(*c*) die kennommer van elke berig wat hy stuur of ontvang, asook die tyd en datum van die uitsending of ontvangs, die stasie waarheen hy elke berig stuur en die stasie waarvandaan hy elke berig ontvang; en

(*d*) aantekeninge oor alle voorvalle gedurende sy dienstyd wat op die radiotelegraafinstallasie en die werking daarvan betrekking het en wat na sy oordeel van belang is vir die beveiliging van menselewens op see; hy moet insonderheid die volgende inskryf:—

(i) Die volledige teks van alle berigte wat hy stuur of ontvang wat betrekking het op onmiddellike hulp verlang deur persone wat in nood verkeer op die see of bokant die see;

(ii) die volledige teks van alle berigte wat hy stuur of ontvang wat voorafgegaan word deur 'n sein in algemene internasionale gebruik as 'n spoedsein of veiligheidsein;

(iii) aantekeninge oor die radiowag wat hy hou gedurende elkeen van die stiltetye;

(iv) aantekeninge oor elke voorval gedurende sy dienstyd wat die doeltreffendheid van die radiotelegraafinstallasie raak;

(v) aantekeninge oor die toetse wat hy uitvoer ooreenkomstig paragrawe (2), (3) en (4) van regulasie 18, en oor die uitslag van die toetse;

(vi) aantekeninge oor die laai van batterye deur hom wat as 'n bron van energie vir die radiotelegraafinstallasie gebruik word; en

(vii) indien die skip 'n outomatiese alarm het, besonderhede van enige onklaarraking of herstel daarvan gedurende sy dienstyd.

(3) Die radiobeampte of, as daar meer as een is, die eerste radiobeampte, moet minstens een maal daagliks die tyd wat die horlosie in elke radiotelegraafkamer aanwys in vergelyking met middelbare Greenwichtyd asook enige korreksie aangebring ten opsigte van dié horlosie, in die logboek inskryf.

(4) Die gesagvoerder van die skip en, as daar meer as een radiobeampte is, die eerste radiobeampte, moet die logboek een maal daagliks nagaan en teken. Die gebruik van 'n rubberstempel in plaas van 'n handtekening word nie toegelaat nie.

(5) Die radiotelegraaflogboek moet beskou word as deel van die amptelike skeepsjoernaal en artikels *honderd tweeen-tagtig, honderd vier-en-tagtig, honderd vyf-en-tagtig* en *honderd ses-en-tagtig* van die Wet is van toepassing op die radiotelegraaflogboek soos hulle van toepassing is op die amptelike skeepsjoernaal, met uitsondering van subartikel (4) van artikel *honderd twee-en-tagtig* van die Wet.

(OPMERKING.—Bogenoemde artikels van die Wet het o.a. bepalings oor die bewaring van die amptelike skeepsjoernaal, onwettige inskrywings of veranderings daarin en die aflewering en stuur daarvan aan die bevoegde beampte.)

19. *Restriction of Use of Emergency Transmitter.*

The transmitter forming part of the emergency radiotelegraph equipment shall not be used to transmit messages other than those relating to the safety of life at sea, unless such transmitter complies with the requirements specified in Part I of the First Schedule.

20. *Radiotelegraph Log.*

(1) A radiotelegraph log-book in form T.V. 5/321 and T.V. 5/321 (*a*) specified in the Eighth Schedule shall be kept in a radiotelegraph room on board every South African radiotelegraph ship and shall be available for inspection by any person authorised on that behalf by the Secretary or by the Postmaster-General.

(2) Every radio officer on board such a ship shall, when on duty, enter in such log-book—

(*a*) his name;

(*b*) the times at which he goes on and off duty;

(*c*) the identifying number of each message transmitted by him, or received by him, together with the time and date of such transmission or reception, the station to which each message is transmitted by him and the station from which each message is received by him; and

(*d*) a record of all incidents occuring during his period of duty which relates to the radiotelegraph installation and the operation thereof and which appear to him to be of importance to the safety of life at sea; in particular, he shall make the following entries:—

(i) The full text of all messages transmitted by him or received by him which relate to immediate assistance required by persons in distress at sea or above the sea;

(ii) the full text of all messages transmitted by him or received by him which are preceded by a signal in general international use as an urgency signal or a safety signal;

(iii) a record of the radio watch maintained by him during each of the silence periods;

(iv) a record of any incident occurring during his period of duty which affects the efficiency of the radiotelegraph installation;

(v) a record of the tests conducted by him in accordance with paragraphs (2), (3) and (4) of regulation 18, and of the results of such tests;

(vi) a record of the charging by him of any batteries used as a source of energy for the radiotelegraph installation; and

(vii) if the ship is provided with an auto-alarm, details of any failure or repair thereof during his period of duty.

(3) The radio officer, or, if there is more than one, the first radio officer, shall cause an entry to be made in such log-book at least once a day recording the time shown by the clock in each radiotelegraph room in comparison with Greenwich Mean Time, and any correction made in respect of that clock.

(4) The master of the ship and, if there is more than one radio officer, the first radio officer, shall inspect and sign such log-book once a day. The use of a rubber stamp in lieu of a signature shall not be permitted.

(5) The radiotelegraph log-book shall be regarded as being part of the official log-book, and sections *one hundred and eighty-two, one hundred and eighty-four, one hundred and eighty-five* and *one hundred and eighty-six* of the Act shall apply to the radiotelegraph log-book as they apply to the official log-book, with the exception of sub-section (4) of section *one hundred and eighty-two* of the Act.

(NOTE.—The above-mentioned sections of the Act provide among other things for the custody, unlawful entries or alterations, delivery and transmission to the proper officer of official log-books.)

Die radiotelegraaflogboek moet afsonderlik van die amptelike skeepsjoernaal gehou word en is 'n dokument wat betrekking het op die navigasie van die skip vir die toepassing van artikel *honderd sewe-en-tagtig* van die Wet (wat bepaal dat, by 'n verandering van gesagvoerder, dokumente aan 'n opvolger oorhandig word).

HOOFSTUK III.—RADIOTELEFONIE.

21. *Antenne.*

Op elke radiotelefoonskip moet 'n antenne aangebring wees en die skip moet daarby 'n reserweantenne hê wat volledig immekaargesit is vir onmiddellike oprigting. 'n Montasieplan van die antenne wat aangebring is, moet aan boord beskikbaar wees en die volgende aantoon:—

(*a*) vertikale aansig en plattegrond van die antenne;

(*b*) die afmetings van die antenne in voet en duim; en

(*c*) die hoogte van die antenne in meters, gemeet soos gespesifiseer in paragraaf (3) van regulasie 22.

22. *Sendafstand.*

(1) Die normale sendafstand van die radiotelefoonsender moet minstens 150 myl wees.

(2) Die sendafstand van 'n radiotelefoonsender word, na die eienaar van die skip verkies, òf deur berekening òf deur 'n toets bepaal.

(3) Wanneer die normale sendafstand van 'n radiotelefoonsender bepaal word deur berekening op die radiotelefoonnoodfrekwensie, moet dit gedoen word deur die produk te bepaal van die effektiewe stroom in ampères aan die voet van die antenne en die maksimum hoogte in meters van die antenne, gemeet van die uitlei-isolator af. Daar word geag dat die sender aan die vereistes van hierdie regulasie voldoen as die produk wat so verkry word minstens die volgende is:—

(*a*) 9·6 meter-ampères op 'n frekwensie van 1650 Khz., of 7·5 meter-ampères op 'n frekwensie van 2182 Khz., in elke geval as die antenne 'n horisontale toplengte het van minstens die helfte van sy maksimum hoogte gemeet van die uitlei-isolator af;

(*b*) 14·7 meter-ampères op 'n frekwensie van 1650 Khz., of 12·8 meter-ampères op 'n frekwensie van 2182 Khz. in die geval van enige ander antenne.

(4) Wanneer die normale sendafstand van 'n radiotelefoonsender deur 'n toets op die radiotelefoonnoodfrekwensie bepaal word, is dit die afstand wat dié sender gedurende die dag onder normale toestande op dié frekwensie seine oor die see kan stuur, sodat by die ontvanger deur die ongemoduleerde draaggolf 'n totale effektiewe veldsterkte tot stand gebring word van minstens 25 mikrovolts per meter.

23. *Toevoer van elektriese energie.*

(1) Op elke radiotelefoonskip moet daar, terwyl die skip op die see is, 'n toevoer van elektriese energie beskikbaar wees wat voldoende is om die radiotelefooninstallasie te laat werk ooreenkomstig hierdie Deel. As die toevoer van elektriese energie 'n gelykstroomtoevoer is, moet dit van die regte polariteit wees. In die geval van 'n radiotelefooninstallasie wat nie 'n bestaande installasie is nie, moet 'n noodbron van elektriese energie verskaf word in die boonste deel van die skip, tensy die hoofbron van elektriese energie daar is. Elke energiebron wat ooreenkomstig hierdie regulasie verskaf word, moet van so 'n kapasiteit wees dat dit ses uur lank onafgebroke 'n totale stroom kan lewer gelyk aan die som van—

(*a*) die helfte van die stroom wat nodig is om die radiotelefoonsender te laat werk vir die uitsending van spraak;

(*b*) die stroom wat nodig is om die radiotelefoonontvanger te laat werk; en

(*c*) die stroom wat gebruik word deur die elektriese lamp wat by paragraaf (*d*) van regulasie 24 vereis word.

The radiotelegraph log-book shall be kept distinct from the official log-book and shall be a document relating to the navigation of the ship for the purposes of section *one hundred and eighty-seven* of the Act (which provides for documents to be handed to a successor on change of master).

CHAPTER III.—RADIOTELEPHONY.

21. *Aerial.*

Every radiotelephone ship shall be fitted with an aerial, and in addition shall carry a spare aerial completely assembled for immediate erection. A rigging plan of the fitted aerial shall be available on board and shall show—

(*a*) elevation and plan views of the aerial;

(*b*) the measurements of the aerial in feet and inches; and

(*c*) the height of the aerial in metres, measured in the manner specified in paragraph (3) of regulation 22.

22. *Range.*

(1) The normal range of the radiotelephone transmitter shall not be less than 150 miles.

(2) The range of a radiotelephone transmitter shall be determined at the option of the owner of the ship either by reckoning or by test.

(3) The normal range of a radiotelephone transmitter, when determined by reckoning on the radiotelephone distress frequency, shall be calculated by ascertaining the product of the root mean square current in amperes at the base of the aerial and the maximum height in metres of the aerial measured from the lead-out insulator. The transmitter shall be deemed to comply with the requirements of this regulation if the product so ascertained is not less than—

(*a*) 9·6 metre-amperes on a frequency of 1,650 kc/s, or 7·5 metre-amperes on a frequency of 2,182 kc/s, in either case if the aerial has a horizontal top-length of not less than one half of its maximum height measured from the lead-out insulator;

(*b*) 14·7 metre-amperes on a frequency of 1,650 kc/s, or 12·8 metre-amperes on a frequency of 2,182 kc/s, in the case of any other aerial.

(4) The normal range of a radiotelephone transmitter, when determined by test on the radiotelephone distress frequency, shall be the distance to which signals can be transmitted by such transmitter over the sea by day under normal conditions on that frequency so as to set up at the receiver by the unmodulated carrier a total root mean square field strength of at least 25 microvolts per metre.

23. *Supply of Electrical Energy.*

(1) There shall be available in every radiotelephone ship while she is at sea a supply of electrical energy sufficient to operate the radiotelephone installation in accordance with this Part. The supply of electrical energy shall if it is a direct current supply, be of correct polarity. In the case of a radiotelephone installation which is not an existing installation an emergency source of electrical energy shall be provided in the upper part of the ship unless the main source of electrical energy is so situated. Each source of energy provided in compliance with this regulation shall be of such capacity as to be able to supply continuously for a period of six hours a total current equal to the sum of—

(*a*) one-half of the current required to operate the radiotelephone transmitter for the transmission of speech;

(*b*) the current required to operate the radiotelephone receiver; and

(*c*) the current consumed by the electric lamp required by paragraph (*d*) of regulation 24.

(2) Indien 'n enkele battery vir bogenoemde doel verskaf is, moet ook die nodige middels verskaf word om òf—

(i) die radiotelefoonontvanger en -sender van die skip se hoofbron van elektriese energie af te laat werk; òf

(ii) die battery vlottend te laai terwyl dit in gebruik is; in dié geval moet daar voldoende beveiliging wees teen spanningstoename.

Dié middels moet so ontwerp wees dat dit nie die aarding van die skip se hoofbron van elektriese energie nodig maak nie en 'n filter moet verskaf word om te voorkom dat steuring wat deur die kragnet aangevoer word die ontvanger binnedring.

(3) Wanneer die batterye vir die radiotelefoonsender nie in gebruik is nie, moet elke battery binne 'n tydperk van hoogstens 16 uur vol gelaai kan word deur die laaimiddel wat by regulasie 8 vereis word.

24. *Diverse vereistes.*

Die volgende bepalings is op elke radiotelefoonskip van toepassing:—

(*a*) Die radiotelefooninstallasie moet so hoog as wat prakties moontlik is in die skip geïnstalleer word.

(*b*) 'n Doeltreffende middel vir tweerigtingsverbinding moet verskaf word tussen die plek waar die radiotelefooninstallasie geïnstalleer is en enige ander plek waarvandaan die skip gewoonlik genavigeer word.

(*c*) 'n Betroubare horlosie moet stewig gemonteer word op so 'n plek dat dit van die bedienpunt van die radiotelefooninstallasie af gesien kan word.

(*d*) 'n Elektriese lamp moet verskaf word en moet van die noodbron van elektriese energie af brand wat by regulasie 23 vereis word of, indien geen noodbron van elektriese energie aldus vereis word nie, van die hoofbron af. Die lamp moet permanent so geplaas word dat dit die kontroles van die radiotelefooninstallasie en die horlosie wat by subparagraaf (*c*) vereis word, voldoende kan verlig. Die lamp moet beheer word deur middel van tweewegskakelaars wat onderskeidelik naby 'n ingang na die kamer waarin die radiotelefooninstallasie geïnstalleer is en by die bedienpunt daarvan in dié kamer, aangebring is.

25. *Verskaffing en kwalifikasies van Radiotelefoonoperateurs.*

(1) Elke radiotelefoonskip moet minstens een gekwalifiseerde radiotelefoonoperateur hê, wat 'n lid van die bemanning kan wees.

(2) Niemand word as gekwalifiseerde radiotelefoonoperateur beskou of mag as sodanig op 'n Suid-Afrikaanse skip wat 'n radiotelefoonskip is, in diens wees nie tensy hy—

(*a*) 'n Suid-Afrikaanse burger is of burger van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond;

(*b*) in besit is van 'n geldige sertifikaat van bekwaamheid of bevoegdheid in radiotelefonie of radiotelegrafie toegeken deur die Posmeester-generaal of, behoudens artikel *driehonderd vier-en-vyftig* van die Wet, deur 'n gesag wat daartoe gemagtig is deur die wette van 'n land (behalwe die Unie) wat lid is van die Statebond; dié sertifikaat moet deur die Posmeester-generaal erken word as gelykwaardig met die sertifikaat wat hy toeken; en

(*c*) die verklaring van geheimhouding onderskryf het wat by subartikel (2) van artikel *tweehonderd tweeen-twintig* van die Wet vereis word.

(3) Niemand word beskou as 'n radiotelefoonoperateur aan boord van 'n skip wat in 'n ander land as die Unie geregistreer is nie, tensy hy in besit is van 'n geldige sertifikaat van bekwaamheid of bevoegdheid in radiotelefonie of radiotelegrafie toegeken deur 'n gesag wat daartoe gemagtig is of in dié verband erken word deur die wette van die land waarin die skip geregistreer is; dié sertifikaat moet deur die Posmeester-generaal erken word as gelykwaardig met die sertifikaat wat hy toeken.

(2) If a single battery is provided for the foregoing purpose, means shall also be provided for either—

(i) operating the radiotelephone receiver and transmitter from the ship's main source of electrical energy; or

(ii) float-charging the battery while it is in use, in which case there shall be adequate protection against voltage rise.

Such means shall be so designed as not to require the earthing of the ship's main source of electrical energy, and a filter shall be provided to prevent mainsborne interference from entering the receiver.

(3) When the batteries for the radiotelephone transmitter are not in use, each battery shall be capable of being fully charged within a period of not more than 16 hours by the means for charging required by regulation 8.

24. *Miscellaneous Requirements.*

The following provisions shall apply to every radiotelephone ship:—

(*a*) The radiotelephone installation shall be installed as high as practicable in the ship.

(*b*) An efficient two-way means of communication shall be provided between the place where the radiotelephone installation is installed and any other place from which the ship is normally navigated.

(*c*) A reliable clock shall be securely mounted within sight of the operating position of the radiotelephone installation.

(*d*) An electric lamp shall be provided and shall be operated from the emergency source of electrical energy required by regulation 23, or, if no emergency source of electrical energy is so required, from the main source. The lamp shall be permanently arranged so as to be capable of providing adequate illumination of the operating controls of the radiotelephone installation and the clock required by sub-paragraph (*c*). The lamp shall be controlled by two-way switches placed respectively near an entrance to the room in which the radiotelephone installation is installed and at the operating position thereof in that room.

25. *Provision and Qualifications of Radiotelephone Operators.*

(1) Every radiotelephone ship shall be provided with at least one qualified radiotelephone operator, who may be a member of the crew.

(2) No person shall be regarded as a qualified radiotelephone operator, or be employed as such on any South African ship which is a radiotelephone ship unless—

(*a*) he is a South African citizen or a citizen of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth;

(*b*) he holds a valid certificate of proficiency or competence in radiotelephony or radiotelegraphy granted by the Postmaster-General, or subject to section *three hundred and fifty-four* of the Act by an authority empowered in that behalf by the laws of a country (other than the Union) which is a member of the Commonwealth, which certificate is recognised by the Postmaster-General as the equivalent of such a certificate granted by him; and

(*c*) he has subscribed to the declaration of secrecy required by sub-section (2) of section *two hundred and twenty-two* of the Act.

(3) No person shall be deemed to be a radiotelephone operator on board a ship registered in a country other than the Union unless he holds a valid certificate of proficiency or competence in radiotelephony or radiotelegraphy granted by an authority empowered or recognised in that behalf by the laws of the country in which the ship is registered, which certificate is recognised by the Postmaster-General as the equivalent of such a certificate granted by him.

26. *Radiowag deur middel van radiotelefoon.*

Terwyl 'n radiotelefoonskip op die see is, moet 'n radiotelefoonoperateur minstens 8 uur per dag radiowaghou, op die tye genoem in kolom 5 van die Sewende Bylae, met betrekking tot die sone waarin die skip dan is.

27. *Waghou, toets en instandhouding deur radiotelefoonoperateur.*

(1) Elke radiotelefoonoperateur aan boord van 'n radiotelefoonskip moet radiowaghou gedurende die dienstye wat die gesagvoerder van die skip aan hom toewys.

(2) Terwyl 'n radiotelefoonskip op die see is, moet die radiotelefoonoperateur of, as daar meer as een is, die eerste radiotelefoonoperateur, batterye wat 'n bron van elektriese energie vir die radiotelefooninstallasie is, eenmaal daagliks laat toets en so gou as moontlik laat vol laai.

28. *Radiotelefoonlog.*

(1) 'n Radiotelefoonlogboek in vorm T.V. 5/322, gespesifiseer in die Negende Bylae, moet naby die radiotelefooninstallasie in elke radiotelefoonskip gehou word en beskikbaar wees vir insae deur enigeen wat die Sekretaris of die Posmeester-generaal daartoe gemagtig het.

(2) Paragrawe (2), (3), (4) en (5) van regulasie 20 is *mutatis mutandis* van toepassing op dié radiotelefoonlogboek; met dien verstande dat 'n inskrywing in die logboek gedoen moet word slegs van die algemene strekking van die berigte wat in subparagraaf (*d*) van paragraaf (2) van dié regulasie genoem word.

HOOFSTUK IV.—TEGNIESE VEREISTES VAN RADIOUITRUSTING VIR REDDINGSBOTE.

29. *Radio-uitrusting vir motorreddingsbote.*

(1) Die radiotelegraafuitrusting wat vereis word by paragraaf (9) van regulasie 5 en paragraaf (12) van regulasie 6 van die regulasies insake reddingsuitrusting, moet voldoen aan die spesifikasies vervat in Deel I van die Vierde Bylae.

(2) Die battery wat deel uitmaak van dié uitrusting moet vir geen ander doel gebruik word as die werking van dié uitrusting en van die soeklig wat ooreenkomstig die Regulasies insake Reddingsuitrusting, verskaf is nie.

30. *Draagbare radio-uitrusting vir reddingsbote.*

Die uitrusting wat vereis word by paragraaf (10) van regulasie 5, paragraaf (13) van regulasie 6 en paragraaf (3) van regulasie 12 van die Regulasies insake Reddingsuitrusting, moet voldoen aan die spesifikasies vervat in Deel II van die Vierde Bylae.

31. *Toets van radio-uitrusting vir reddingsbote.*

(1) Wanneer 'n radiotelegraafskip wat van die uitrusting voorsien is wat in regulasie 29 of regulasie 30 genoem word, op die see is, moet die radiobeampte of, as daar meer as een is, die eerste radiobeampte, minstens een maal elke 7 dae die sender wat deel uitmaak van dié installasie of uitrusting laat toets met sy kunsantenne en alle batterye, behalwe selfvulbatterye, wat 'n bron van elektriese energie vir dié installasie of uitrusting is, met 'n voltmeter en hidrometer laat toets en so gou as moontlik laat vol laai.

(2) Die radiobeampte wat die toetse uitvoer wat in paragraaf (1) genoem word, moet die uitslag van die toetse in die radiotelegraaflogboek laat inskryf.

HOOFSTUK V.—VRYSTELLINGS.

32. *Vrystelling ten opsigte van noodantenne.*

Indien die Minister of die Sekretaris, na gelang van die geval, daarvan oortuig is dat die verskaffing van 'n noodantenne ondoenlik of onredelik sou wees, kan hy 'n skip vrystel van die bepalings van paragraaf (1) van regulasie 11 ten opsigte van die noodantenne.

26. *Radio Watch by Radiotelephone.*

While a radiotelephone ship is at sea, radio watch shall be maintained by a radiotelephone operator for at least 8 hours a day, at the times specified in Column 5 of the Seventh Schedule in relation to the zone in which the ship then is.

27. *Watchkeeping, Testing and Maintenance by Radiotelephone Operators.*

(1) Every radiotelephone operator on board a radiotelephone ship shall keep radio watch during the periods of duty assigned to him by the master of the ship.

(2) While a radiotelephone ship is at sea, the radiotelephone operator, or if there is more than one, the first radiotelephone operator, shall cause any batteries which are a source of electrical energy for the radiotelephone installation to be tested once a day and brought up to fully-charged condition as soon as may be.

28. *Radiotelephone Log.*

(1) A radiotelephone log-book in form T.V. 5/322 specified in the Ninth Schedule shall be kept near the radiotelephone installation in every radiotelephone ship, and shall be available for inspection by any person authorised in that behalf by the Secretary or the Postmaster-General.

(2) Paragraphs (2), (3), (4) and (5) of regulation 20 shall *mutatis mutandis* apply to such radiotelephone log-book: Provided that an entry shall be required to be made in the radiotelephone log-book only of the general sense of the messages referred to in sub-paragraph (*d*) of paragraph (2) of that regulation.

CHAPTER IV.—TECHNICAL REQUIREMENTS OF RADIO EQUIPMENT FOR LIFEBOATS.

29. *Radio Equipment for Motor Lifeboats.*

(1) The radiotelegraph equipment required by paragraph (9) of regulation 5 and paragraph (12) of regulation 6 of the lifesaving equipment regulations, shall comply with the specifications set forth in Part I of the Fourth Schedule.

(2) The battery included in such equipment shall not be used for any purpose other than the operation of such equipment and of the searchlight provided in compliance with the lifesaving equipment regulations.

30. *Portable Radio Equipment for Lifeboats.*

The equipment required by paragraph (10) of regulation 5, paragraph (13) of regulation 6 and paragraph (3) of regulation 12 of the lifesaving equipment regulations, shall comply with the specifications set forth in Part II of the Fourth Schedule.

31. *Tests of Radio Equipment for Lifeboats.*

(1) When a radiotelegraph ship provided with the equipment referred to in regulation 29 or regulation 30 is at sea the radio officer, or if there is more than one, the first radio officer, shall at least once every seven days, cause the transmitter forming part of such installation or equipment to be tested with its artificial aerial and cause any batteries, other than self-priming batteries, which are a source of electrical energy for such installation or equipment to be tested by voltmeter and hydrometer and brought up to fully-charged condition as soon as may be.

(2) The radio officer making the tests referred to in paragraph (1), shall cause the results of such tests to be entered in the radiotelegraph log-book.

CHAPTER V.—EXEMPTIONS.

32. *Exemption in Respect of Emergency Aerial.*

If the Minister or Secretary, as the case may be, is satisfied that the provision of an emergency aerial would be impracticable or unreasonable, he may exempt any ship from the requirements of paragraph (1) of regulation 11 in respect of such emergency aerial.

Elke skip wat aldus vrygestel is, moet 'n reserweantenne aan boord hê wat volledig inmekaargesit is, sodat dit onmiddellik opgerig kan word.

[OPMERKING.—Vrystelling kragtens hierdie Deel kan as volg verleen word:—

(1) Deur die Minister ten opsigte van die volgende skepe:—

(*a*) Passasierskepe wat op internasionale reise of in enige besondere passasiersbedryf gebruik word; en

(*b*) skepe wat nie passasierskepe is nie en wat op internasionale reise gebruik word;

(2) deur die Sekretaris ten opsigte van die volgende skepe:—

(*a*) Passasierskepe wat nie op internasionale reise gebruik word nie; en

(*b*) skepe wat nie passasierskepe is nie en wat nie op internasionale reise gebruik word nie.]

33. *Algemene vrystelling ten opsigte van skepe wat op internasionale reise gebruik word.*

Die Minister kan, op die voorwaardes wat hy nodig ag, enige skip waarna in paragraaf (1) van die opmerking onderaan regulasie 32 verwys word, vrystel van enigeen van die bepalings van hierdie Deel, indien hy daarvan oortuig is dat die maksimum afstand van die skip van die kus af, die lengte van die reis, die afwesigheid van algemene navigasiegevare en ander omstandighede rakende veiligheid sodanig is dat dit die toepassing van hierdie Deel onredelik of onnodig maak.

34. *Algemene vrystelling ten opsigte van skepe wat nie op internasionale reise gebruik word nie.*

Die Sekretaris kan, op die voorwaardes wat hy nodig ag, enige skip waarna in paragraaf (2) van die opmerking onderaan regulasie 32 verwys word, vrystel van enigeen van of van al die vereistes van hierdie Deel.

DEEL II.—RIGTINGSOEKERS.

35. *Toepassing.*

(1) Behoudens die bepaling van paragraaf (2), is hierdie Deel van toepassing op—

(*a*) Suid-Afrikaanse skepe van 500 ton en meer wat uit watter hawe ookal op die see uitvaar; en

(*b*) skepe wat nie Suid-Afrikaanse skepe is nie, van 1,600 ton en meer wat uit 'n hawe van die Unie op die see uitvaar.

(2) Hierdie Deel is nie van toepassing nie op—

(*a*) Suid-Afrikaanse skepe wat—

(i) plesierjagte is;
(ii) nie deur meganiese middels aangedryf word nie;

(*b*) skepe wat nie Suid-Afrikaanse skepe is nie en wat—

(i) troepeskepe is;
(ii) plesierjagte is;
(iii) houtskepe van primitiewe bou is, soos bv. dhows, jonke, ens.;
(iv) nie deur meganiese middels aangedryf word nie; en
(v) vissersbote is.

(3) Die Minister of die Sekretaris, na gelang van die geval, kan in gevalle waar hy dit onredelik of onnodig ag dat daar peilapparaat aan boord moet wees, enige skip van minder as 5,000 ton vrystel van die bepalings van hierdie Deel.

[OPMERKING.—Vrystelling kragtens hierdie Deel kan as volg verleen word:—

Deur die Minister ten opsigte van die volgende skepe:—

(*a*) Passasierskepe wat op internasionale reise of in enige besondere passasiersbedryf gebruik word; en

Any ship so exempted shall carry a spare aerial completely assembled for immediate erection.

[NOTE.—Exemptions under this Part may be granted as follows:—

(1) By the Minister in respect of the following ships:—

(*a*) Passenger ships engaged on international voyages or in any special passenger trade; and

(*b*) ships, which are not passenger ships, and which are engaged on international voyages.

(2) By the Secretary in respect of the following ships:—

(*a*) Passenger ships which do not engage on international voyages; and

(*b*) ships, which are not passenger ships, and which do not engage on international voyages.]

33. *General Exemption in Respect of Ships Engaged on International Voyages.*

The Minister may on such conditions as he may deem necessary, exempt any ship referred to in paragraph (1) of the note to regulation 32, from any of the provisions of this Part if he is satisfied that the maximum distance of the ship from the shore, the length of the voyage, the absence of general navigation hazards and other conditions affecting safety, are such as to render the application of this Part unreasonable or unnecessary.

34. *General Exemption in Respect of Ships Which do Not Engage on International Voyages.*

The Secretary may on such conditions as he may deem necessary, exempt any ship referred to in paragraph (2) of the note to regulation 32, from any or all of the requirements of this Part.

PART II.—DIRECTION-FINDERS.

35. *Application.*

(1) Subject to the provisions of paragraph (2), this Part shall apply to—

(*a*) South African ships of 500 tons and upwards proceeding to sea from any port whatsoever; and

(*b*) ships which are not South African ships, of 1,600 tons and upwards which proceed to sea from a port in the Union.

(2) This Part shall not apply to—

(*a*) South African ships which are—

(i) pleasure yachts;
(ii) not propelled by mechanical means;

(*b*) ships, which are not South African ships, and which are—

(i) troopships;
(ii) pleasure yachts;
(iii) wooden ships of primitive build, such as dhows, junks, etc.;
(iv) not propelled by mechanical means; and
(v) fishing boats.

(3) The Minister or Secretary as the case may be may, in cases where he considers it unreasonable or unnecessary for direction-finding apparatus to be carried, exempt any ship of less than 5,000 tons from the provisions of this Part.

[NOTE.—Exemptions under this Part may be granted as follows:—

By the Minister in respect of the following ships:—

(*a*) Passenger ships engaged on international voyages or in any special passenger trade; and

(*b*) skepe wat nie passasierskepe is nie en wat op internasionale reise gebruik word.

Deur die Sekretaris ten opsigte van die volgende skepe:—

(*a*) Passasierskepe wat nie op internasionale reise gebruik word nie; en

(*b*) skepe wat nie passasierskepe is nie en wat nie op internasionale reise gebruik word nie.]

36. *Verskaffing van rigtingsoekers.*

Elke skip waarop hierdie Deel van toepassing is, moet van 'n rigtingsoeker voorsien wees wat voldoen aan die vereistes vervat in die Tiende Bylae.

37. *Klimaats- en duursaamheidstoetse.*

(1) Die rigtingsoeker moet geen meganiese gebreke hê nie en voldoen aan die vereistes van hierdie Deel—

(*a*) terwyl dit die trillings-, die droëhitte- en die lae-temperatuurtoets ondergaan wat in die Elfde Bylae beskryf word;

(*b*) wanneer dit onderwerp word aan die klamhittetoets wat in subparagraaf (4) van paragraaf 3 van genoemde Bylae beskryf word; en

(*c*) onmiddellik nadat dit die ander toetse ondergaan het wat in genoemde Bylae beskryf word.

(2) Die lusantennestelsel wat in die Tiende Bylae genoem word, moet sodanig wees dat daar geen skimmel daarop sal wees nadat dit die skimmelgroeitoets ondergaan het wat in die Elfde Bylae genoem word nie.

38. *Steurnig van ontvangs.*

Op geen tydstip wanneer die skip op die see is, mag steuring of meganiese ruis wat deur die rigtingsoeker of deur ander uitrusting op die skip veroorsaak word genoeg wees om die doeltreffende bepaling van radiopeilings deur middel van die rigtingsoeker te verhinder nie.

39. *Hoëspanningsdele.*

Alle dele en bedrading van die uitrusting wat in hierdie Deel gespesifiseer word, waarin die gelyk- en die wisselstroomspanning (behalwe radiofrekwensiespannings) te eniger tyd kombineer om 'n oomblikspanning groter as 250 volts te gee, moet teen toevallige toegang beveilig word en, behalwe in die geval van 'n ontwikkelaar of omsetter, outomaties geïsoleer wees van alle bronne van elektriese energie wanneer die beveiligingsmiddel verwyder word.

40. *Toevoer van elektriese energie.*

Op elke skip moet daar te alle tye wanneer hy op die see is 'n toevoer van elektriese energie beskikbaar wees wat voldoende is om die rigtingsoeker te laat werk. Wanneer die skip in 'n hawe is, moet dié toevoer ook op alle redelike tye vir toetsdoeleindes beskikbaar wees.

41. *Laai van batterye.*

Uitrusting moet aan boord van elke skip verskaf word vir die laai van batterye wat as 'n bron van elektriese energie vir die rigtingsoeker verskaf is en die skip se hoofbron van elektriese energie moet altyd beskikbaar wees om die batterye te laai wanneer die skip op die see is. Die gesagvoerder van die skip moet die batterye een keer daagliks met 'n voltmeter en een keer per maand met 'n hidrometer laat toets en elke battery waarvan gevind word dat dit nie ten volle gelaai is nie, so spoedig moontlik laat vol laai.

42. *Installering van rigtingsoeker.*

(1) Elke rigtingsoeker moet in so 'n posisie geïnstalleer word dat die doeltreffende bepaling van radiopeilings deur middel van die rigtingsoeker nie deur geluide van buite af belemmer sal word nie.

(2) (*a*) Die lusantennestelsel wat in die Tiende Bylae genoem word, moet op so 'n wyse gemonteer word dat die doeltreffende bepaling van radiopeilings deur middel van die rigtingsoeker so min moontlik deur die nabyheid van antennes, laaibome, draadhystoue en ander groot metaalvoorwerpe belemmer sal word.

(*b*) ships, which are not passenger ships, and which are engaged on international voyages.

By the Secretary in respect of the following ships:—

(*a*) Passenger ships which do not engage on international voyages; and

(*b*) ships, which are not passenger ships, and which do not engage on international voyages.]

36. *Provision of Direction-finders.*

Every ship to which this Part applies shall be provided with a direction-finder complying with the requirements set forth in the Tenth Schedule.

37. *Climatic and Durability Tests.*

(1) The direction-finder shall be free from mechanical defects and shall comply with the requirements of this Part—

(*a*) while undergoing the vibration, dry heat, and low temperature tests specified in the Eleventh Schedule;

(*b*) when subjected to the damp heat test specified in sub-paragraph (4) of paragraph 3 of the said Schedule; and

(*c*) immediately after undergoing the other tests specified in the said Schedule.

(2) The loop aerial system referred to in the Tenth Schedule shall be such that after undergoing the mould growth tests specified in the Eleventh Schedule, no mould growth will be present on it.

38. *Interference with Reception.*

At no time when the ship is at sea shall interference or mechanical noise produced by the direction-finder or by other equipment in the ship be sufficient to prevent the efficient determination of radio bearings by means of the direction-finder.

39. *High Voltage Parts.*

All parts and wiring of the equipment specified in this Part in which the direct and alternating voltages (other than radio frequency voltages) combine at any time to give an instantaneous voltage greater than 250 volts shall be protected from accidental access and, except in the case of a generator or converter, shall be isolated automatically from all sources of electrical energy when the means of protection are removed.

40. *Supply of Electrical Energy.*

There shall be available in every ship at all times when it is at sea, a supply of electrical energy sufficient for the operation of the direction-finder. When the ship is in port such supply shall also be available for testing purposes at all reasonable times.

41. *Charging of Batteries.*

Equipment shall be provided on board every ship for the charging of any batteries which are provided as a source of electrical energy for the direction-finder, and the ship's main source of electrical energy shall always be available for charging the batteries when the ship is at sea. The master of the ship shall cause such batteries to be tested once a day by voltmeter and once a month by hydrometer, and shall cause any battery which is found not to be fully charged to be brought up to that condition as soon as may be.

42. *Installation of Direction-finder.*

(1) Every direction-finder shall be installed in such a position that efficient determination of radio bearings by means of the direction-finder will not be hindered by extraneous noises.

(2) (*a*) The loop aerial system referred to in the Tenth Schedule shall be mounted in such manner that the efficient determination of radio bearings by means of the direction-finder will be hindered as little as possible by the proximity of aerials, derricks, wire halyards and other large metal objects.

(*b*) Tensy die voerkabels, wat die lusantennestelsel met die ontvanger verbind wat deel uitmaak van die rigtingsoeker, uit afgeskermde kabel met soliede diëlektrikum, bestaan, moet hulle beskerm word deur middel van metaalbuise wat geaard is. Die lasse van die voerder moet waterdig wees.

43. *Kommunikasiemiddel.*

(1) Op elke skip moet daar 'n doeltreffende tweerigting-roep-en-spraakverbindingsmiddel wees tussen die ontvanger wat deel uitmaak van die rigtingsoeker en die brug waarvandaan die skip gewoonlik genavigeer word.

(2) Op elke skip moet daar 'n doeltreffende seinmiddel wees tussen die ontvanger wat deel uitmaak van die rigtingsoeker en die skip se standaardkompas of tolkompasherhaler, as daar een is.

44. *Beperking van gebruik van die rigtingsoeker.*

Die rigtingsoeker mag nie gebruik word—

(*a*) vir ander doeleindes as dié van die skip nie; of

(*b*) om die radiowag te hou wat by regulasie 17 van Deel I van hierdie regulasies vereis word nie.

45. *Yking.*

(1) Die gesagvoerder van elke skip moet die rigtingsoeker ooreenkomstig hierdie regulasie deur twee persone laat yk; een van hulle moet ervare wees in die neem van radiopeilings en die ander in die neem van optiese peilings.

(2) Die rigtingsoeker moet aldus geyk word so spoedig moontlik nadat dit op die skip geïnstalleer is en telkens wanneer 'n verandering in die posisie van die lusantennestelsel aangebring word.

(3) Die rigtingsoeker moet as volg geyk word:—

(ii) the total noise and hum power contained in the sidebands corresponding to audio-frequencies between the limits of 250 c/s and 3,000 c/s shall be at least 40 decibels below the carrier power.

(10) The transmitter shall be such that—

(*a*) in not more than 10 seconds one operator can carry out all such adjustments as are necessary to change the transmitter from operation on any one of the frequencies referred to in paragraph 3 to operation on any other of such frequencies;

(*b*) if the transmitter is so designed and constructed that it is necessary to delay the application of certain voltages for a period after it has been switched on, the delay shall be automatically provided by a delay switch;

(*c*) an indicator shall show when the transmitter is ready for operation; and

(*d*) a skilled person can make alterations in the spot frequencies within the limits specified in paragraph 3 without removing the installation from the ship.

(11) If the transmitter is adjusted for the transmission of type A2 waves—

(*a*) the depth of modulation shall not be less than 70 per cent and not more than 100 per cent;

(*b*) die toonfrekwensie minstens 500 hz. en hoogstens 1,200 hz. wees; en

(*c*) die sender telegraafseine kan stuur teen alle snelhede tot en met 30 bauds.

(12) Die sender moet so ontwerp en gebou wees dat wanneer dit vir maksimum vermoë ingestel is, die antenne uitgeskakel of die lewering kortgesluit kan word sonder dat enige deel van die installasie beskadig word. 'n Middel moet verskaf word om die sender te beveilig teen skade deur 'n te sterk stroom of 'n te hoë spanning.

6. *Ontvanger.*

(1) 'n Middel moet verskaf word om elkeen van die vaste ontvangerfrekwensies wat in paragraaf 3 genoem word, deur middel van 'n enkele handeling te kan kies.

(2) Die ontvanger moet sowel telefoon- as luidsprekerontvangs kan gee.

(3) Die ontvanger moet voorsien wees van—

(*a*) 'n oudiofrekwensieversterkingsreëlaar wat met die hand bedien word; en

(*b*) 'n outomatiese versterkingsreëlaar wat doeltreffende werking op A2- en A3-golwe kan gee.

(4) Elke topbegrenser of ander toestel wat in die detektor- of leweringskring van die ontvanger ingesluit is ten einde die uitwerking van impulsiewe ruisseine te verminder, moet deur middel van 'n skakelaar uitgeskakel kan word.

(5) Die ontvanger moet voldoen aan die vereistes van subparagrawe (6) tot en met (14) wanneer dit as volg getoets word, behalwe waar 'n ander manier van toets in genoemde subparagrawe gespesifiseer word:—

(*a*) Kunsantennes met die kenmerke gespesifiseer in die tabel wat in subparagraaf (2) van paragraaf 5 vervat is, moet vir die toets gebruik word;

(*b*) A2-seine wat vir die toets gebruik word, moet gemoduleer word tot 'n diepte van 30 persent met 'n toonfrekwensie van 400 hz.;

(*c*) die standaardoudiofrekwensielewering van die ontvanger (in hierdie paragraaf die „standaardlewering" genoem) moet as volg wees:

(i) vir telefoongehoorstukontvangs, een milliwatt in 'n weerstand in wat wesenlik gelyk is aan die modulus van die impedansie van die telefoon by 1,000 hz.;

(ii) vir luidsprekerontvangs, 50 milliwatt in 'n weerstand in wat die leweringsbuis belas met die belasting wat eie is aan die buis.

(6) (*a*) Die selektiwiteit van die ontvanger gemeet op 'n punt wat die einddetektor onmiddellik voorafgaan, moet aan die volgende vereistes voldoen by die aangegewe frekwensies:—

Diskriminasie van hoogstens 6 desibels moet verkry word by frekwensies wat van instemfrekwensie verwyder is met	3 Khz.
Diskriminasie van minstens 30 desibels moet verkry word by frekwensies wat van instemfrekwensie verwyder is met	7·5 Khz.
Diskriminasie van minstens 60 desibels moet verkry word by frekwensies wat van instemfrekwensie verwyder is met	15 Khz.
Diskriminasie van minstens 80 desibels moet verkry word by frekwensies wat van instemfrekwensie verwyder is met	30 Khz.

(*b*) As die ontvanger 'n superheterodineontvanger is—

(i) moet die beelddiskriminasie minstens 35 desibels wees by frekwensies bo 3 Mhz. en minstens 40 desibels by frekwensie onder 3 Mhz.; en

(ii) moet die tussenfrekwensieweergaweverhoudings minstens die volgende wees:—

Tussenfrekwensie.	Tussenfrekwensie-weergawe-houding.
Tussen 140 en 1,600 Khz	80 desibels.
Buite bostaande grense	60 desibels.

(*b*) the note frequency shall not be less than 500 c/s and not more than 1,200 c/s; and

(*c*) the transmitter shall be capable of transmitting telegraph signals at all speeds up to 30 bauds.

(12) The transmitter shall be so designed and constructed that when it is adjusted for maximum power the aerial may be disconnected or the output short-circuited without damage being caused to any part of the installation. Means shall be provided for protecting the transmitter from damage caused by excessive current or voltage.

6. *Receiver.*

(1) Means shall be provided to enable each of the receiver spot frequencies referred to in paragraph 3 to be selected by a single operation.

(2) The receiver shall be capable of both telephone and loud-speaker reception.

(3) The receiver shall be provided with—

(*a*) a manual audio-frequency gain control; and

(*b*) an automatic gain control capable of efficient operation on type A2 and type A3 waves.

(4) Any peak limiter or other device included in the detector or output circuits of the receiver for the purpose of reducing the effect of impulsive noise signals shall be capable of being disconnected by means of a switch.

(5) The receiver shall comply with the requirements of sub-paragraphs (6) to (14), inclusive, when tested in the following manner, except where another manner of testing is specified in the said sub-paragraphs—

(*a*) artificial aerials with the characteristics specified in the table set forth in sub-paragraph (2) of paragraph 5 shall be used for the test;

(*b*) type A2 signals used for the test shall be modulated to a depth of 30 per cent with a note frequency of 400 c/s;

(*c*) the standard audio-frequency output of the receiver (in this paragraph referred to as the "standard output") shall be—

(i) for telephone receiver reception, one milliwatt into a resistance which is substantially equal to the modulus of the impedance of the telephone at 1,000 c/s;

(ii) for loud-speaker reception, 50 milliwatts into a resistance which loads the output valve with the load appropriate to the valve.

(6) (*a*) The selectivity of the receiver measured at a point immediately preceding the final detector shall satisfy the following requirements at the relative frequencies specified:—

Discrimination of not more than 6 decibels to be obtained at frequencies removed from tune by	3 kc/s.
Discrimination of at least 30 decibels to be obtained at frequencies removed from tune by	7·5 kc/s.
Discrimination of at least 60 decibels to be obtained at frequencies removed from tune by	15 kc/s.
Discrimination of at least 80 decibels to be obtained at frequencies removed from tune by	30 kc/s.

(*b*) If the receiver is a superheterodyne receiver—

(i) the image discrimination shall not be less than 35 decibels at frequencies above 3 Mc/s and not be less than 40 decibels at frequencies below 3 Mc/s; and

(ii) the intermediate frequency response ratios shall not be less than the following:—

Intermediate Frequency.	Intermediate Frequency Response Ratio.
Between 140 and 1,600 kc/s	80 decibels.
Outside the above limits	60 decibels.

(7) Die sein/ruisverhouding van die lewering van die ontvanger moet minstens 20 desibels wees wanneer die ontvanger gestel is om die standaardlewering te gee met 'n insetsein van tipe A2 op 'n peil van 30 desibels bo een mikrovolt.

(8) Die outomatiese versterkingsreëling moet sodanig wees dat wanneer die ontvanger gestel is om die standaardlewering te gee met 'n insetsein van tipe A2 op 'n peil van 30 desibels bo een mikrovolt—

(*a*) 'n toename in inset van 20 desibels 'n verbetering in in die sein/ruisverhouding tot gevolg het van minstens 15 desibels; en

(*b*) 'n toename in inset van 50 desibels nie die lewering met meer as 10 desibels vermeerder nie.

(9) Die verandering in lewering van die ontvanger moet nie meer as 3 desibels wees nie wanneer die ontvanger gestel is om die standaardlewering te gee met 'n gewenste insetsein van tipe A2 op 'n peil van 60 desibels bo een mikrovolt en 'n A1-insetsein gelyktydig aangewend word op 'n peil van 100 desibels bo een mikrovolt en by 'n frekwensie van 20 Khz. bo of onder die gewenste frekwensie.

(10) Daar moet nie 'n lewering van 'n hoër peil as 30 desibels onder die standaardlewering wees wanneer die ontvanger gestel is om die standaardlewering te gee met 'n gewenste insetsein van tipe A2 op 'n peil van 60 desibels bo een mikrovolt, die modulasie van die seingenerator afgeskakel is en 'n A2-sein gelyktydig aangewend word op 'n peil 90 desibels bo een mikrovolt en by 'n frekwensie van 20 Khz. bo of onder die gewenste frekwensie nie.

(11) Daar moet nie 'n lewering van bo die standaardlewering wees wanneer die ontvanger gestel is om die standaardlewering te gee met 'n insetsein van tipe A2 op 'n peil van 30 desibels bo een mikrovolt, die gewenste sein verwyder is en twee steurseine gelyktydig aangewend word, een van tipe A1 en een van tipe A2, elkeen van 'n peil 100 desibels bo een mikrovolt, waarvan die frekwensiesom of -verskil dieselfde is as die frekwensie van die gewenste sein, maar waarvan geeneen 'n beduidende lewering gee wanneer dit gemoduleer en alleen aangewend word nie.

(12) Die maksimum verandering in die peil van die oudiofrekwensielewering moet minder as 8 desibels wees wanneer die modulasiefrekwensie van die insetsein deurlopend van 250 hz. na 3,000 hz. verander word, terwyl die insetsein konstant in modulasiepeil en -diepte bly. Wanneer die modulasiefrekwensie bo 3,000 hz. vermeerder word, moet die lewering vinnig daal. Die insetsein kan enige modulasiepeil en -diepte hê, mits die lewering van die ontvanger nie die standaardlewering oorskry nie.

(13) Die totale bofrekwensie-inhoud van die oudiofrekwensie-leweringspanning van die ontvanger by enige lewering wat nie die standaardlewering oorskry nie, moet hoogstens die volgende wees:—

(*a*) 5 persent met 'n insetsein op enige peil tussen 40 en 80 desibels bo een mikrovolt en sinusvormig gemoduleer tot 'n diepte van 30 persent by 400 hz.; of

(*b*) 15 persent met 'n insetsein soos voorgeskryf in (*a*), maar gemoduleer tot 'n diepte van 80 persent by 400 hz.

(14) Elke instemfrekwensie wat in paragraaf 3 genoem word, moet binne een kilohertz van sy nominale waarde gehou word, al verander die toevoerspanning plus of minus 10 persent en die omgewingstemperatuur van minus 10° C. tot plus 40° C.

(15) (*a*) Die ontvanger moet in normale diens nie 'n veld van meer as 0·1 mikrovolt per meter verwek wanneer dit op 'n afstand van een myl van die ontvanger af gemeet word nie.

(*b*) Daar word geag dat die ontvanger aan die vereiste van subparagraaf (*a*) van hierdie paragraaf voldoen indien wanneer—

(i) die ontvanger in die middel van 'n afgeskermde geaarde hok geplaas word wat minstens 6 vt. in die kubiek groot is;

(ii) die aardklem van die ontvanger met die binnekant van die skerm verbind word;

(iii) die antenneklem deur 'n onafgeskermde reghoekige vierwindingsoekspoel binne-in genoemde hok en

(7) The signal/noise ratio of the output of the receiver shall be at least 20 decibels when the receiver is adjusted to give the standard output with an input signal of type A2 at a level of 30 decibels above one microvolt.

(8) The automatic gain control shall be such that when the receiver is adjusted to give the standard output with an input signal of type A2 at a level of 30 decibels above one microvolt—

(*a*) an increase in input of 20 decibels will result in an improvement in the signal/noise ratio of at least 15 decibels; and

(*b*) an increase in input of 50 decibels will not increase the output by more than 10 decibels.

(9) The change in output of the receiver shall not exceed 3 decibels when the receiver is adjusted to give the standard output with an input wanted signal of type A2 at a level of 60 decibels above one microvolt and a type A1 input signal is simultaneously applied at a level of 100 decibels above one microvolt and at a frequency of 20 kc/s above or below the wanted frequency.

(10) An output of level higher than 30 decibels below the standard output shall not be produced when the receiver is adjusted to give the standard output with an input wanted signal of type A2 at a level of 60 decibels above one microvolt, the modulation of the signal generator has been switched off, and a type A2 input signal is simultaneously applied at a level 90 decibels above one microvolt and at a frequency of 20 kc/s above or below the wanted frequency.

(11) An output exceeding the standard output shall not be produced when the receiver is adjusted to give the standard output with an input signal of type A2 at a level of 30 decibels above one microvolt, the wanted signal has been removed, and two interfering signals are simultaneously applied, one of type A1 and one of type A2, each of level 100 decibels above one microvolt, of which the frequency sum or difference is the same as the frequency of the wanted signal, but neither of which will give an appreciable output when modulated and applied alone.

(12) The maximum change in level of the audio-frequency output shall be less than 8 decibels when the modulation frequency of the input signal is varied continuously from 250 c/s to 3,000 c/s, the input signal remaining constant in level and depth of modulation. When the modulation frequency is increased above 3,000 c/s the output shall fall rapidly. The input signal may have any level and depth of modulation provided the output of the receiver does not exceed the standard output.

(13) The total harmonic content of the audio-frequency output voltage of the receiver at any output not exceeding the standard output shall not exceed—

(*a*) 5 per cent with an input signal at any level between 40 and 80 decibels above one microvolt and sinusoidally modulated to a depth of 30 per cent at 400 c/s; or

(*b*) 15 per cent with an input signal as prescribed in (*a*) but modulated to a depth of 80 per cent at 400 c/s.

(14) Each frequency of tune referred to in paragraph 3 shall be maintained within one kilocycle per second of its nominal value notwithstanding variation in the supply voltage of plus or minus 10 per cent and notwithstanding ambient temperature changes from minus 10° C. to plus 40° C.

(15) (*a*) The receiver shall not in normal service produce a field exceeding 0·1 microvolt per metre when measured at a distance of one mile from the receiver.

(*b*) The receiver shall be deemed to comply with the requirement of sub-paragraph (*a*) of this paragraph if, when—

(i) the receiver is placed centrally in a screened earthed enclosure of dimensions at least six feet cube;

(ii) the earth terminal of the receiver is connected to the inside of the screen;

(iii) the aerial terminal is connected through an unscreened four-turn rectangular search coil situated

een voet in die vierkant groot, en 'n onafgeskermde leiding met 'n weerstandsmeetinstrument verbind is wat buitekant die hok gemonteer is en waarvan die ander klem geaard is; en

(iv) die ontvanger dan bekrag word en 'n onafgeskermde koptelefoon daarmee verbind word,

die krag wat die meetinstrument meet, hoogstens 4×10^{-10} watt is, ongeag die weerstand van die meetinstrument of die instelling van die ontvanger, en al word die soekspoel kortgesluit of op enige manier beweeg sonder om nader as ses duim aan die ontvangerkas te kom.

7. *Fasiliteite vir tweerigtingkommunikasie.*

(1) Die uitrusting moet oombliklik van uitsending na ontvangs, en omgekeerd, oorgeskakel kan word deur middel van 'n lang- of ander enkele skakelaar, antenneoorskakelrelais en die ander toestelle wat vir dié doel nodig is. Indien daarenbowe 'n spraaktoestel vir dié doel voorsien word, moet die aantreknaloop nie meer as 10 millisekondes wees nie en die afvalnaloop minstens 150 millisekondes en hoogstens 200 millisekondes.

(2) 'n Middel moet verskaf word om die ontvanger teen beskadiging te beveilig wanneer die uitrusting besig is om te send.

(3) 'n Middel moet verskaf word om outomaties te verseker dat die luidspreker uitgeskakel is te alle tye wanneer die mikrofoon in gebruik is.

8. *Grootte van kontroles.*

Alle kontroles aan die ontvanger moet so groot wees dat iemand met dik handskoene aan normale verstellings kan doen.

9. *Kristalhouers.*

As die installasie ontwerp is vir gebruik met piësoëlektriese kristalle, moet dit geskik wees om gebruik te word met 'n kristalhouer gespesifiseer in paragraaf 13 van Deel I van die Eerste Bylae.

DERDE BYLAE.

KLIMAATS- EN DUURSAAMHEIDSTOETSE.

Regulasie 5.

1. In hierdie Bylae moet—

(1) Verwysings na Klas B-uitrusting opgevat word as verwysings na uitrusting wat afgesonder is vir gebruik slegs onder dek of in 'n dekhuis of ander soortgelyke afdeling; en

(2) verwysings na Klas X-uitrusting opgevat word as verwysings na uitrusting wat afgesonder is vir gebruik of opberging in die ope lug of in 'n oop boot.

2. (1) Klas B-uitrusting moet die toetse ondergaan wat genoem word teenoor die letter B in die tabel in subparagraaf (4), en Klas X-uitrusting moet die toetse ondergaan wat teenoor die letter X in dié tabel genoem word.

(2) Al dié toetse moet in die volgorde uitgevoer word waarin hulle in voornoemde tabel voorkom.

(3) Op enige tydstip wanneer die uitrusting ingevolge die bepalings van paragraaf 3 aan die werk gehou moet word vir die uitvoering van die toetse, moet krag daaraan gelewer word onder die spanning waaronder die uitrusting ontwerp is om te werk.

(4) TABEL.

Aard van toets.	Klasse uitrusting waarop die toets uitgevoer moet word.
(1) Trillingstoets	B en X.
(2) Stamptoets	B en X.
(3) Droëhittetoets	B en X.
(4) Klamhittetoets	B en X.
(5) Laetemperatuurtoets	B en X.
(6) Reëntoets	X.
(7) Indompelingstoets	X.
(8) Korrosietoets—soutwater	B en X.
(9) Korrosietoets—suurdampe (indien daar 'n battery in die uitrusting is)	B en X.
(10) Skimmelgroeitoets	X.

within the said enclosure and of dimensions one foot square and an unscreened lead to a resistive measuring instrument mounted outside the enclosure and having its other terminal earthed; and

(iv) the receiver is then energised and unscreened headphones are connected thereto,

the power measured by the measuring instrument does not exceed 4×10^{-10} watts whatever the resistance of the measuring instrument or the adjustment of the receiver, and notwithstanding that the search coil is short-circuited or moved in any way without approaching within six inches of the receiver case.

7. *Facilities for Two-way Communication.*

(1) The equipment shall be capable of changing instantaneously from transmitting to receiving and vice versa by means of a pressel or other single switch, aerial changeover relays, and such other devices as are necessary for that purpose. If, in addition, a voice-operated device is provided for that purpose the operating lag shall not exceed 10 milli-seconds, and the release lag shall not be less than 150 milli-seconds and not more than 200 milli-seconds.

(2) Means shall be provided for protecting the receiver from damage when the equipment is transmitting.

(3) Means shall be provided to assure automatically that at all times when the microphone is in use the loudspeaker is disconnected.

8. *Size of Controls.*

All controls on the receiver shall be of such size as to permit normal adjustments being performed by a person wearing thick gloves.

9. *Crystal Holders.*

If the installation is designed for use with piezo-electric crystals, it shall be suitable for use with a crystal holder specified in paragraph 13 of Part I of the First Schedule.

THIRD SCHEDULE.

CLIMATIC AND DURABILITY TESTS.

Regulation 5.

1. In this Schedule—

(1) references to Class B equipment shall be construed as references to equipment appropriated for use only below deck or in a deckhouse or other similar compartment; and

(2) references to Class X equipment shall be construed as references to equipment appropriated for use or storage in the open or in an open boat.

2. (1) Class B equipment shall be subject to the tests named opposite the letter B in the table given in subparagraph (4), and Class X equipment shall be subjected to the tests named opposite the letter X in that table.

(2) All such tests shall be conducted in the order in which they appear in the aforesaid table.

(3) At any time when the equipment is required by the provisions of paragraph 3 to be kept working for the purposes of such tests, power shall be supplied thereto at the voltage at which such equipment is designed to be operated

(4) TABLE.

Nature of Test.	Classes of Equipment to which the Test shall be applied.
(1) Vibration test	B and X.
(2) Bump test	B and X.
(3) Dry heat test	B and X.
(4) Damp heat test	B and X.
(5) Low temperature test	B and X.
(6) Rain test	X.
(7) Immersion test	X.
(8) Corrosion test—salt water	B and X.
(9) Corrosion test—acid fumes (if a battery is included in the equipment)	B and X.
(10) Mould growth test	X.

3. Die toetse genoem in paragraaf 2 moet onderskeidelik as volg uitgevoer word:—

(1) *Trillingstoets.*—Die uitrusting, volledig met sy onderstelbedekkings en skokbrekers (as daar is), moet, in sy normale werkstand, aan 'n triltafel vasgeklemp word. Die tafel word laat tril teen alle frekwensies tussen 0 en 12½ hertz teen 'n amplitude van plus of minus 0·16 cm., en die uitrusting moet gedurende dié tydperk onafgebroke werk. Die tafel moet aldus laat tril word vir drie tydperke van agt minute elk. Dwarsdeur elke sodanige tydperk moet die rigting van die trillings loodreg wees op die rigting van die trilings gedurende die ander twee tydperke.

(2) *Stamptoets.*—Die uitrusting moet onderwerp word aan minstens 500 stampe teen 'n konstante tempo van tussen een en vier stampe per sekonde, met 'n vry val van minstens 2·5 cm.

(3) *Droëhittetoets.*

(*a*) Klas B-uitrusting moet in 'n kamer geplaas word waarin die temperatuur twee uur lank konstant op 55° C., binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., gehou word, en gedurende dié tydperk moet die uitrusting onafgebroke werk.

(*b*) Klas X-uitrusting moet in 'n kamer geplaas word waarin die temperatuur tien uur lank konstant op 70° C., binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., gehou word, en gedurende dié tydperk moet die uitrusting nie werk of getoets word nie. Genoemde kamer moet dan afgekoel word tot 'n konstante temperatuur van 55° C., binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., en die uitrusting moet twee uur lank onafgebroke teen dié temperatuur werk.

(4) *Klamhittetoets.*—Die uitrusting moet soos volg vir die klamhittetoets voorberei word:—

(*a*) Die uitrusting moet in 'n kamer geplaas word wat binne 'n tydperk van hoogstens twee uur van kamertemperatuur tot 40° C. verhit moet word en waarvan die relatiewe vogtigheid op minstens 95 persent gebring moet word.

(*b*) Die kamer moet twaalf uur lank op 'n temperatuur van 40° C., binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., en op 'n relatiewe vogtigheid van minstens 95 persent gehou word.

(*c*) Aan die begin van die laaste 60 minute van die tydperk moet alle bereikbare oppervlakke en onderdele afgedroog en alle waaiers of drooglampe in die uitrusting aangeskakel word.

Nadat die waaiers of drooglampe 30 minute lank gewerk of gebrand het en terwyl die temperatuur van die kamer nog 40° C. is, met voornoemde toleransie, moet die uitrusting getoets word.

Nadat die uitrusting getoets is, moet die temperatuur van die kamer laat daal word tot onder 25° C., ter voorbereiding vir die laetemperatuurtoets. Die uitrusting bly in die kamer.

(5) *Laetemperatuurtoets.*

(*a*) Klas B-uitrusting moet minstens twaalf uur lank aan 'n temperatuur van minus 15° C. by normale lugdruk blootgestel word.

(*b*) Klas X-uitrusting moet minstens twaalf uur lank aan 'n temperatuur van minus 25° C. by normale lugdruk blootgestel word.

(6) *Reëntoets.*—Die uitrusting moet in 'n kamer geplaas word waarin agt spuitkoppe aangebring is. Die spuitent van elkeen moet bestaan uit 'n plat, roesvry metaalplaat, 0·16 cm. dik, met ses-en-dertig gaatjies wat elk 'n middellyn van 0·1 cm. het, ewe ver van mekaar gespasieer in konsentriese sirkels, as volg:—

16 gaatjies op die omtreklyn van 'n sirkel met 'n middellyn van 5·1 cm.

3. The tests referred to in paragraph 2 shall be conducted respectively as follows:—

(1) *Vibration Test.*—The equipment, complete with its chassis covers and shock absorbers (if any) shall, in its normal operating position, be clamped to a vibration table. The table shall be vibrated at all frequencies between 0 and 12½ cycles per second at an amplitude of plus or minus 0·16 cm. during which period the equipment shall be kept working continuously. The table shall be so vibrated for three periods each of which shall be of eight minutes duration. Throughout each such period the direction of the vibrations shall be perpendicular to the direction of the vibrations during the other two periods.

(2) *Bump Test.*—The equipment shall be subjected to not less than 500 bumps at a constant rate of between one and four bumps per second with a free drop of at least 2·5 cm.

(3) *Dry Heat Test.*

(*a*) Class B equipment shall be placed in a chamber which is maintained for a period of two hours at a constant temperature of 55° C. within a tolerance of plus or minus 1° C. during which period the equipment shall be kept working continuously.

(*b*) Class X equipment shall be placed in a chamber which is maintained for a period of ten hours at a constant temperature of 70° C. within a tolerance of plus or minus 1° C., during which period the equipment shall not be worked or tested. The said chamber shall then be cooled to a constant temperature of 55° C. within a tolerance of plus or minus 1° C. and the equipment shall be kept working continuously at that temperature for a period of two hours.

(4) *Damp Heat Test.*—The equipment shall be prepared for the damp heat test in the following manner:—

(*a*) The equipment shall be placed in a chamber which within a period not exceeding two hours shall be heated from room temperature to 40° C. and shall be brought to a relative humidity of not less than 95 per cent.

(*b*) The chamber shall be kept at a temperature of 40° C. within a tolerance of plus or minus 1° C. for a period of 12 hours, and at a relative humidity of not less than 95 per cent.

(*c*) At the beginning of the last 60 minutes of such period, all accessible surfaces and components shall be wiped dry and any fans or drying lamps provided in the equipment shall be switched on.

After the fans or drying lamps have been in operation for 30 minutes and while the temperature of the chamber is still 40° C., subject to the aforesaid tolerance, the equipment shall be tested.

After the equipment has been tested the temperature of the chamber shall, in preparation for the low temperature test, be allowed to fall below 25° C., the equipment remaining in the chamber.

(5) *Low Temperature Test.*

(*a*) Class B equipment shall be exposed to a temperature of minus 15° C. at normal atmospheric pressure for a period of not less than twelve hours.

(*b*) Class X equipment shall be exposed to a temperature of minus 25° C. at normal atmospheric pressure for a period of not less than twelve hours.

(6) *Rain Test.*—The equipment shall be placed in a chamber fitted with eight shower heads, the discharge end of which shall consist of a flat, non-rustable metal plate, 0·16 cm. thick, having thirty-six holes each of 0·1 cm. diameter evenly spaced in concentric circles in the following manner:—

16 holes on the periphery of a circle of 5·1 cm. diameter.

8 gaatjies op die omtreklyn van 'n sirkel met 'n middellyn van 3·8 cm.
8 gaatjies op die omtreklyn van 'n sirkel met 'n middellyn van 2·5 cm.
4 gaatjies op die omtreklyn van 'n sirkel met 'n middellyn van 1·3 cm.

Genoemde spuitkoppe moet op 'n afstand van minstens 50 cm. en hoogstens 80 cm. van die uitrusting af opgestel word op so 'n wyse dat die water uit vier van die spuitkoppe onder 'n hoek van 45° na onder spuit op elkeen van die vier boonste hoeke van die uitrusting en die water uit die ander vier spuitkoppe horisontaal spuit op die middel van elke oppervlak van die vier sye van die uitrusting. Vars water teen kamertemperatuur en teen 'n statiese druk van minstens 15 en hoogstens 25 pond per vierkante duim moet 'n uur lank uit bogenoemde spuitkoppe op die uitrusting gespuit word in die stand waarin dit gewoonlik werk. Dwarsdeur die toets moet die uitrusting teen tussen 12 en 20 omwentelings per minuut gedraai word om 'n vertikale as wat deur die middel van die uitrusting loop.

(7) *Indompelingstoets.*—Die uitrusting moet in die toestand waarin dit gewoonlik aan boord van die skip gehou word, in water ingedompel word, sodat die oppervlak van die water minstens 10 cm. bokant die hoogste punt van die uitrusting is, en een uur lank so ingedompel bly. Wanneer die uitrusting uit die water uitgehaal word, moet al die water daaruit gedreineer word.

(8) *Korrosietoets (soutwater).*—Die uitrusting moet in 'n kamer geplaas word waarin apparaat aangebring is wat òf natuurlike seewater òf kraanwater waarin die volgende soute opgelos is, in die vorm van 'n fyn mis kan spuit:—

Natriumchloried	2·7	persent.
Magnesiumchloried	0·6	persent.
Kalsiumchloried	0·1	persent.
Kaliumchloried	0·07	persent.

Die hoeveelheid van elke sout kan plus of minus 10 persent meer of minder wees as die aangegewe persentasie.

Die spuitapparaat moet sodanig wees dat die korrosieprodukte nie met die seewater of die oplossing in die spuitbak kan meng nie. Die uitrusting moet een uur lank gelyktydig op al sy buitevlakke met die seewater of die oplossing bespuit word en gedurende die laaste dertig minute daarvan onafgebroke aan die werk gehou word. Onmiddellik daarna moet die uitrusting sewe dae lank gebêre word by 'n temperatuur van 40° C., binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., en 'n relatiewe vogtigheid van minstens 60 persent en hoogstens 80 persent. Die uitrusting moet by vier afsonderlike geleenthede op bogenoemde wyse bespuit en gebêre word.

(9) *Korrosietoets (suurdampe).*—Elke battery wat in die uitrusting ingesluit is, moet vol gelaai en dan in die uitrusting aangebring word. Indien die uitrusting so ingerig is dat die battery gelaai kan word sonder dat dit uit die uitrusting uitgehaal hoef te word, moet die battery vier en twintig uur lank onafgebroke gelaai word teen die maksimum toepaslike tempo. Die uitrusting moet onmiddellik daarna vier weke lank gebêre word by 'n temperatuur van 40° C., binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., en by 'n relatiewe vogtigheid van minstens 60 persent en hoogstens 80 persent.

(10) *Skimmelgroeitoets.*—Die uitrusting moet ingeënt word deur dit te bespuit met 'n watersuspensie van skimmelspore wat al die kulture in kolom A of al die kulture in kolom B van die volgende tabel bevat:—

A

Aspergillus niger;
Aspergillus amstelodami;
Paecilomyces varioti;
Stachybotrys atra;

8 holes on the periphery of a circle of 3·8 cm. diameter.
8 holes on the periphery of a circle of 2·5 cm. diameter.
4 holes on the periphery of a circle of 1·3 cm. diameter.

The said shower heads shall be arranged at a distance of not less than 50 cm. and not more than 80 cm. from the equipment in such a manner that spray from four of such shower heads is directed downwards at an angle of 45° at each of the four uppermost corners of the equipment, and the spray from the other four shower heads is directed horizontally at the centre of each area of the four sides of the equipment. Fresh water at room temperature and at a static pressure of not less than 15 or more than 25 pounds per square inch shall be sprayed on to the equipment from the aforesaid shower heads for a period of one hour with the equipment in the position in which it is normally operated. Throughout the test equipment shall be rotated at between 12 and 20 revolutions per minute about a vertical axis passing through the centre of the equipment.

(7) *Immersion Test.*—The equipment in the condition in which it will normally be kept on board ship shall be immersed in water the surface of which is at least 10 cm. above the highest point of the equipment, and shall remain for a period of one hour. Upon its removal from the water the equipment shall be drained of water.

(8) *Corrosion Test (Salt Water).*—The equipment shall be placed in a chamber fitted with apparatus capable of spraying in the form of a fine mist either natural sea water or tap water containing the following salts in solution:—

Sodium Chloride	2·7	per cent.
Magnesium Chloride	0·6	per cent.
Calcium Chloride	0·1	per cent.
Potassium Chloride	0·07	per cent.

The quantity of each salt shall be subject to a tolerance of plus or minus 10 per cent.

Such spraying apparatus shall be such that the products of corrosion cannot mix with the sea water or solution contained in the spray reservoir. The equipment shall be sprayed simultaneously on all its external surfaces with the sea water or solution for a period of one hour and shall be kept working continuously for the last thirty minutes thereof. The equipment shall immediately thereafter be stored for a period of seven days at a temperature of 40° C. within a tolerance of plus or minus 1° C. at a relative humidity of not less than 60 per cent, and not more than 80 per cent. The equipment shall be sprayed and stored as aforesaid on four separate occasions.

(9) *Corrosion Test (Acid Fumes).*—Any battery included in the equipment shall be fully charged and shall then be fitted into the equipment. If the arrangements are such that the battery can be charged without being removed from the equipment, the battery shall continue to be charged at the maximum rate appropriate to it for period of twenty-four hours. The equipment shall immediately thereafter be stored for a period of four weeks at a temperature of 40° C. within a tolerance of plus or minus 1° C. at a relative humidity of not less than 60 per cent and not more than 80 per cent.

(10) *Mould Growth Test.*—The equipment shall be inoculated by spraying with an aqueous suspension of mould spores containing all the cultures named in column A or all the cultures named in column B of the following table:—

A

Aspergillus niger;
Aspergillus amstelodami;
Paecilomyces varioti;
Stachybotrys atra;

Penicillium brevi-compactum;
Penicillium cyclopium;
Chaetomium globosum.

B

Aspergillus niger;
Aspergillus amstelodami;
Aspergillus versicolor;
Stachybotrys atra;
Penicillium brevi-compactum;
Cladosporum herbasum.

Onmiddellik nadat die uitrusting so bespuit is, moet dit in 'n kamer geplaas word waarvan die temperatuur op enige vasgestelde waarde binne die bestek 31° C. tot en met 33° C., beheer binne 'n toleransie van plus of minus 1° C., en by 'n relatiewe vogtigheid van minstens 95 persent gehou word. Die uitrusting moet agt en twintig dae lank in genoemde kamer bly.

VIERDE BYLAE.

RADIOTELEGRAAFUITRUSTING VIR REDDINGSBOTE.

DEEL I.
Regulasies 29 en 30.

VASTE UITRUSTING.

1. *Algemeen.*

(1) Die radiotelegraafuitrusting vir reddingsbote (in hierdie Deel „ die uitrusting " genoem) moet bestaan uit 'n radiotelegraafsender en -ontvanger, 'n antenne- en aardstelsel, 'n energiebron en alle ander uitrusting wat nodig is vir die werking van die installasie.

(2) Die uitrusting moet so ontwerp wees dat 'n ongeskoolde persoon dit maklik die seine kan laat stuur wat in paragraaf 5 van hierdie Deel genoem word.

(3) Die doel van alle kontroles wat nie vir die uitsending van genoemde seine nodig is nie, moet duidelik en blywend aangedui word.

(4) Eenvoudige aanwysings vir die werking van die uitrusting op die frekwensies wat in subparagraaf (1) van paragraaf 4 en subparagraaf (1) van paragraaf 6 van hierdie Deel gespesifiseer word, moet in duidelike en permanente vorm aan of naby die uitrusting vasgeheg word.

(5) Alle kontroles moet groot genoeg wees sodat iemand met dik handskoene aan normale verstellings kan doen, en in die besonder moet alle instemknoppe 'n middellyn van minstens 2 duim hê.

(6) Die oorskakeling van send na ontvang, en omgekeerd, met inbegrip van outomatiese verandering van antenneverbindings, moet deur middel van een skakelaar geskied.

(7) Die uitrusting moet maklik van die reddingsboot af verwyder kan word.

(8) 'n Elektriese lamp wat 'n sterkte van tussen 3 watt en 15 watt, omsluit deur 'n waterdigte hulsel, moet verskaf word om die kontrolepanele en voornoemde aanwysings te verlig.

(9) 'n Elektriese verwarmer, verbind met die skip se kragnet, moet verskaf word en moet die temperatuur binnein die kas waarin die uitrusting geïnstalleer is, minstens 10° C. bokant die omgewingstemperatuur kan hou. Die verwarmer moet so gemonteer wees dat dit die gevaar sal verminder dat die kontroles of dop van die uitrusting sal vasys, maar dat dit geen deel van die installasie te warm sal laat word nie.

(10) Alle ander dele as die antenne en sy klem wat nie by aardpotensiaal is nie, moet bedek wees. Die antenneklem moet teen toevallige kontak beskut wees.

(11) Die uitrusting moet aan die rendementsvereistes kan voldoen wat in hierdie Deel gespesifiseer word terwyl die reddingsboot se motor aan die loop is en ongeag of die battery besig is om gelaai te word of nie.

Penicillium brevi-compactum;
Pencillium cyclopium;
Chaetomium globosum.

B.

Aspergillus niger;
Aspergillus amstelodami;
Aspergillus versicolor;
Stachybotrys atra;
Penicillium brevi-compactum;
Cladosporum herbasum.

Immediately after it has been so sprayed the equipment shall be placed in a chamber, the temperature of which shall be maintained at any fixed value within the range 31° C. to 33° C. inclusive and controlled to within a tolerance of plus or minus 1° C. at a relative humidity of not less than 95 per cent. The equipment shall remain in the said chamber for a period of twenty-eight days.

FOURTH SCHEDULE.

RADIOTELEGRAPH EQUIPMENT FOR LIFEBOATS.

PART I.
Regulations 29 and 30.

FIXED EQUIPMENT.

1. *General.*

(1) The radiotelegraph equipment for lifeboats (in this Part referred to as " the equipment ") shall include a radiotelegraph transmitter and receiver, an aerial and earth system, a source of energy, and all other equipment necessary for the operation of the installation.

(2) The equipment shall be so designed that an unskilled person can readily cause it to transmit the signals referred to in paragraph 5 of this Part.

(3) The purpose of all controls not required for transmitting the said signals shall be clearly and permanently indicated.

(4) Simple instructions for the operation of the equipment on the frequencies specified in sub-paragraph (1) of paragraph 4 and sub-paragraph (1) of paragraph 6 of this Part shall be affixed in clear and permanent form to or near the equipment.

(5) All controls shall be of such size as will permit normal adjustments to be made by a person wearing thick gloves, and in particular all tuning knobs shall not be less than 2 inches in diameter.

(6) The change-over from transmitting to receiving and vice versa, including automatic change of aerial connections, shall be made by means of one switch.

(7) The equipment shall be readily removable from the lifeboat.

(8) An electric lamp of power between 3 watts and 15 watts, with a waterproof casing, shall be provided to illuminate the control panels and the aforesaid instructions.

(9) An electrical heater, connected to the ship's mains shall be provided and shall be capable of maintaining the interior of the case in which the equipment is installed at a temperature at least 10° C. above the ambient temperature. The heater shall be so mounted that it will reduce the risk of the controls or cover of the equipment becoming frozen into position but will not cause any part of the installation to become overheated.

(10) All parts other than the aerial and its terminal which are not at earth potential shall be enclosed. The aerial terminal shall be guarded against accidental contact.

(11) The equipment shall be capable of complying with the performance requirements specified in this Part while the lifeboats engine is running, and whether or not the battery is being charged.

2. *Antenne- en aardstelsel.*

(1) Die uitrusting moet bestaan uit—

(*a*) 'n enkeldraadantenne van stringdraad of omvlegte draad van hoë geleidingsvermoë wat deur die reddingsbootmas gesteun kan word sonder om van marsstenge gebruik te maak, op 'n maksimum hoogte van 22 voet bokant die waterlyn; en

(*b*) 'n aardstelsel wat deurgaans van dieselfde materiaal moet wees en moet bestaan uit minstens drie onafhanklike vasgeboute verbindings—

(i) met die romp, in die geval van 'n metaalreddingsboot; of

(ii) met 'n kaal koperplaat met 'n oppervlakte van minstens ses vierkante voet wat onderkant die waterlyn aan die romp bevestig is, in die geval van ander reddingsbote.

(2) Die antennestelsel moet meganies sterk wees.

(3) Alle moontlike stappe moet gedoen word om antenneverliese tot 'n minimum te beperk.

(4) Alle dele van die antenne wat met die insittendes van die reddingsboot in aanraking kan kom terwyl die uitrusting in gebruik is, moet geïsoleer word.

3. *Energiebron.*

(1) Die uitrusting moet een 24-voltbattery insluit wat saamgestel is uit sekondêre selle en 'n groot genoeg kapasiteit het om die ontvanger vier uur lank te laat werk en onmiddellik daarna die sender twee uur lank onder werktoestande op volle vermoë te laat werk.

(2) As die voorneme bestaan om 'n soeklig van die battery af te laat werk, moet die battery se kapasiteit minstens 30 ampère-uur meer wees as dié wat in subparagraaf (1) genoem word.

(3) Die battery moet ten volle herlaai kan word—

(*a*) in nie meer as 20 uur nie van 'n dinamo af wat saam met en dwarsdeur die normale snelheidsbestek van die reddingsbootmotor werk as die battery nie terselfdertyd in gebruik is nie; en

(*b*) van die skip se hoofbron van elektriese energie af sonder dat dit uit die reddingsboot verwyder word.

(4) Geen vloeistof moet uit die battery loop as dit in enige rigting tot 'n hoek van 60° van sy normale stand af skuins gedraai word nie.

(5) Wanneer die sender en die ontvanger afgeskakel is, moet die battery elektries van die res van die uitrusting geïsoleer wees.

(6) As 'n trillerkrageenheid gebruik word, moet 'n reserwetriller verskaf word wat so deur middel van 'n oorskakelaar beheer word dat dit onmiddellik ingeskakel kan word.

4. *Sender.*

(1) Die uitrusting moet 'n sender insluit wat die volgende kan doen:—

(*a*) Onafgebroke maar nie gelyktydig nie radiotelegraafseine van A2-golwe stuur op die frekwensies 500 Khz. en 8,364 Khz.—

(i) deur middel van handbediening teen alle snelhede tot en met minstens 25 bauds sonder kritieke relaisverstelling; en

(ii) deur middel van 'n outomatiese sleuteltoestel wat voldoen aan die vereistes van paragraaf 5 van hierdie Deel; en

(*b*) sonder verstelling van enige kontrole dwarsdeur elke uitsending 'n frekwensietoleransie kan handhaaf van—

(i) plus of minus 0·5 persent op 'n frekwensie van 500 Khz.; en

(ii) plus of minus 0·02 persent op 'n frekwensie van 8,364 Khz.;

ondanks wisselings in die impedansie van die antenne of van enige ander belasting waarmee dit verbind is of van toevoerspanning binne plus of minus 10 persent; en

(*c*) werking op volle vermoë binne 30 sekondes nadat dit aangeskakel is.

2. *Aerial and Earth System.*

(1) The equipment shall include—

(*a*) a single-wire aerial of high conductivity stranded or braided wire capable of being supported by the lifeboat mast without the use of top-masts at a maximum height of not less than 22 feet above the waterline; and

(*b*) an earth system which shall be of the same material throughout and shall consist of at least three independent bolted connections—

(i) to the hull in the case of a metal lifeboat, or

(ii) to a bare copper plate of area at least six square feet fixed to the hull below the waterline in the case of other lifeboats.

(2) The aerial system shall be mechanically robust.

(3) All practicable steps shall be taken to reduce aerial losses to a minimum.

(4) All parts of the aerial which may come in contact with the occupants of the lifeboat when the equipment is in use shall be insulated.

3. *Source of Energy.*

(1) The equipment shall include one 24 volt battery composed of secondary cells and of a capacity sufficient to operate the receiver for four hours and immediately thereafter to run the transmitter under full-power marking conditions for two hours.

(2) If it is intended to operate a searchlight from the battery, the capacity thereof shall be at least 30 ampere hours in excess of that referred to in sub-paragraph (1).

(3) The battery shall be capable of being completely recharged—

(*a*) in not more than 20 hours from a dynamo working in conjunction with and throughout the normal range of speeds of the lifeboat engine if the battery is not in use at the same time; and

(*b*) from the ship's main source of electrical energy without being removed from the lifeboat.

(4) The battery shall not spill when tilted to an angle of 60° from its normal position in any direction.

(5) The battery shall be electrically isolated from the rest of the equipment when the transmitter and receiver are switched off.

(6) If a vibrator power unit is employed, a reserve vibrator shall be provided and so controlled by a change-over switch that it can be put into circuit immediately.

4. *Transmitter.*

(1) The equipment shall include a transmitter capable of—

(*a*) sending continuously but not simultaneously radiotelegraph signals of type A2 waves on the frequencies of 500 kc/s and 8,364 kc/s—

(i) by manual operation at all speeds up to at least 25 bauds without critical relay adjustment; and

(ii) by means of an automatic keying device complying with the requirements of paragraph 5 of this Part; and

(*b*) maintaining without adjustment of any control, a frequency tolerance throughout every transmission of—

(i) plus or minus 0·5 per cent on a frequency of 500 kc/s; and

(ii) plus or minus 0·02 per cent on a frequency of 8,364 kc/s;

notwitstanding variations of the impedance of the aerial or of any other load to which it is connected or of supply voltage within plus or minus 10 per cent; and

(*c*) operation on full power within 30 seconds of being switched on.

(2) Die draaggolf moet deur 'n reghoekige golf tot 'n diepte van 100 persent gemoduleer word, sodat die draaggolf vir minstens 30 persent en hoogstens 50 persent van 'n modulasiesiklus aangeskakel is.

(3) Die toonfrekwensie moet minstens 500 hz. en hoogstens 1,200 hz. wees.

(4) Die vermoë van die sender moet—

(*a*) minstens 15 meter-ampères wees op 'n frekwensie van 500 Khz., wanneer dit vasgestel word op die wyse voorgeskryf by paragraaf (3) van regulasie 12;

(*b*) minstens 50 watt wees op 'n frekwensie van 500 Khz., wanneer dit gemeet word in 'n kunsantenne in wat bestaan uit 'n weerstand van 30 ohms in serie met 'n kapasitor van elke waarde tussen 350 en 450 pikofarads; en

(*c*) minstens 15 watt wees op 'n frekwensie van 8,364 Khz., wanneer dit gemeet word in 'n kunsantenne in wat die impedansie van die antenne naboots wat in paragraaf 2 van hierdie Deel gespesifiseer word.

(5) Die sender moet so ontwerp en gebou wees dat wanneer dit vir maksimum vermoë ingestel is en die sendsleutel afgedruk word, die antenne uitgeskakel of die lewering kortgesluit kan word sonder dat enige deel van die installasie beskadig word.

(6) Daar moet die volgende wees:—

(*a*) 'n Kunsantenne om die sender op volle vermoë te toets, wat 'n aanwyser of lamp moet insluit om die deurvloei van radiofrekwensiestrome aan te dui; en

(*b*) 'n antennemeter, en 'n optiese aanwyser om die deurvloei van radiofrekwensiestroom aan te dui. As enigeen van die twee onklaar raak, moet die antennekring nie daardeur verbreek word nie.

5. *Outomatiese transmissie.*

(1) 'n Toestel vir outomatiese sleuteling moet verskaf word as deel van die radiotelegraafuitrusting vir reddingsbote, wat, wanneer dit ingeskakel word saam met die sender, outomaties die volgende kan doen:—

(*a*) Die alarmsein stuur wat in subparagraaf (2) gespesifiseer word en onmiddellik daarna stop en die sleutelkring verbreek tensy dit teruggestel of opnuut opgewen word; en

(*b*) (i) die noodoproep wat in subparagraaf (3) gespesifiseer word, op so 'n wyse stuur dat as die toestel gebruik word sonder dat iemand daarby op diens is, die oorsending al om die twaalf minute herhaal word totdat die bron van elektriese energie uitgeput is; en

(*h*) in any ship where any special procedure is needed to maintain adequate stability throughout her voyages, the information referred to in sub-paragraphs (*a*) to (*g*) shall be supplemented by written instructions for the master's guidance in safely working the ship.

9. SPESIALE GEVALLE.

Indien 'n eienaar van mening is dat die egaligheid van die reistoestande van 'n skip, die stabiliteitseienskappe van die skip of ander omstandighede dit onnodig maak om al die inligting te verskaf wat in regulasie 8 uiteengesit word, moet hy (deur die kantoor van die bevoegde beampte) 'n afskrif van die inligting wat hy voornemens is om te verskaf aan die Sekretaris stuur, tesame met genoeg besonderhede omtrent die skip se diens en stabiliteit om die Sekretaris in staat te stel om te besluit of die voorgestelde vorm van inligting voldoende sal wees, en die Sekretaris kan, indien hy tevrede gestel is, toelaat dat die skip van die mindere gegewens voorsien word.

(OPMERKING.—Waar susterskepe in dieselfde skeepswerf gebou word, sal gegewens oor stabiliteit vir die tweede skip wat gebaseer is op 'n hellingtoets op die eerste skip, normalerwys goedgekeur word, mits daar tot bevrediging van die Sekretaris getoon word dat so 'n basis betroubaar is.)

10. GEGEWENS MOET BETROUBAAR WEES.

Die gegewens oor die stabiliteit van 'n skip moet ten alle tye betroubaar en tot op datum wees. Indien daar 'n verandering byvoorbeeld in die konstruksie, ballasvulling of diens van die skip plaasvind wat die akkuraatheid of toereikendheid van die stabiliteitsgegewens affekteer, moet hierdie gegewens behoorlik hersien en gewysig word, en afskrifte van die wysigings moet aan die Sekretaris (deur die kantoor van die bevoegde beampte) gestuur word. Indien die verandering van so 'n aard is dat die gewysigde gegewens daardeur onbetroubaar gemaak word, moet die skip weer aan 'n hellingtoets onderwerp word en die nuwe gegewens gebaseer op die nuwe toets moet aan boord van die skip gehou en 'n afskrif daarvan aan die Sekretaris gestuur word.

HOOFSTUK IV.—MAGNETIESE SKEEPSKOMPASSE.

11. TOEPASSING VAN HOOFSTUK IV.

Hierdie Hoofstuk is van toepassing op elke Suid-Afrikaanse skip van vyf-en-twintig ton of meer, en 'n „skip van Hoofstuk IV" is 'n skip waarop hierdie Hoofstuk aldus van toepassing is.

(OPMERKING.—Die aandag word gevestig op regulasie 88 waarkragtens 'n skip van die voorskrifte van hierdie Hoofstuk vrygestel kan word.)

12. GETAL EN TIPE KOMPASSE.

(1) Elke skip van Hoofstuk IV, Klas I, moet voorsien word van drie doeltreffende magnetiese kompasse op die middellyn van die skip. Een van hierdie kompasse moet voorsien word vir gebruik as 'n stuurkompas en aangebring word by die gewone stuurplek, 'n tweede kompas moet voorsien word vir gebruik as 'n standaardkompas en aangebring word naby die gewone stuurplek op 'n plek waarvandaan die uitsig op die horison die minste belemmer is, en 'n derde sodanige kompas moet aangebring word by die agterstuurplek en moet, tesame met sy beueleenhede, met die stuurkompas verwisselbaar wees: Met dien verstande dat 'n magnetiese stuurkompas nie vereis word nie indien—

(*a*) die standaardkompas van die reflektor- of projektortipe is en toegerus is met 'n toestel sodat dit vanaf die gewone stuurplek gelees kan word;

(*b*) die standaardkompas met die agterstuurkompas verwisselbaar is; en

(*c*) 'n kaart van 'n girokompas of van 'n herhaler daarvan vanaf die gewone stuurplek gelees kan word.

Elke magnetiese kompas wat in so 'n skip aangebring word, moet in 'n kompashuis opgestel word: Met dien verstande dat die agterstuurkompas op 'n voetstuk opgestel kan word.

9. SPECIAL CASES.

If an owner considers that the constancy of a ship's voyage conditions, her stability characteristics or other circumstances make it unnecessary to provide all the information set forth in regulation 8, he shall send to the Secretary (through the office of the proper officer) a copy of the information he proposes to provide together with sufficient particulars about the ship's service and stability to enable the Secretary to decide whether the proposed form of information will be adequate, and the Secretary may, if he is satisfied, allow the ship to be provided with the lesser information.

(NOTE.—Where sister ships are built in the same yard, stability information for the second ship based on the inclining test of the first ship, will normally be approved provided it is shown to the satisfaction of the Secretary that such a basis is reliable.)

10. INFORMATION TO BE RELIABLE.

A ship's stability information shall at all times be reliable and up-to-date. If there is any change, for example in the construction, ballasting or service of the ship, which affects the accuracy or adequacy of the stability information, this information shall be properly revised and amended and copies of the amendments shall be sent to the Secretary (through the office of the proper officer). If the change is such as to make the amended information unreliable, the ship shall be re-inclined, and new information based on the new test shall be placed on board the ship and a copy sent to the Secretary.

CHAPTER IV.—SHIPS' MAGNETIC COMPASSES.

11. APPLICATION OF CHAPTER IV.

This Chapter applies to every South African ship of twenty-five tons or over, and a "Chapter IV ship" means a ship to which this Chapter so applies.

(NOTE.—Attention is invited to regulation 88 in terms of which a ship may be exempted from the requirements of this Chapter.)

12. NUMBER AND TYPE OF COMPASSES.

(1) Every Chapter IV ship of Class I shall be provided with three efficient magnetic compasses which shall be sited on the ship's centre line. One of such compasses shall be provided for use as a steering compass and shall be sited at the normal steering position, and another shall be provided for use as a standard compass and shall be sited near to the normal steering position and in a position from which the view of the horizon is least obstructed. A third such compass shall be provided at the after steering position, and shall, together with its gimbal units, be interchangeable with the steering compass: Provided that a magnetic steering compass shall not be required if—

(*a*) the standard compass is of the reflector or projector type and is equipped with a device by which it may be read from the normal steering position;

(*b*) the standard compass is interchangeable with the after steering compass; and

(*c*) a card of a gyroscopic compass or of a repeater thereof can be read from the normal steering position.

Every magnetic compass provided in such a ship shall be mounted in a binnacle: Provided that the after steering compass may be mounted on a pedestal.

(2) (*a*) Elke skip van Hoofstuk IV, Klasse II, IIA, VII, VIIA en VIII moet voorsien word van twee doeltreffende magnetiese kompasse op die skip se middellyn, waarvan een van die projektor-reflektor- of sendertipe mag wees indien dit instaat is om as 'n gewone magnetiese kompas gebruik te word wanneer die elektriese krag buite werking raak.

(*b*) Een magnetiese kompas moet voorsien word vir gebruik as 'n standaardkompas en aangebring word naby die gewone stuurplek op 'n plek waarvandaan die uitsig op die horison die minste belemmer is.

(*c*) Die tweede magnetiese kompas moet voorsien word vir gebruik as 'n stuurkompas en aangebring word by die gewone stuurplek: Met dien verstande dat die projekteerde of reflekteerde beeld van 'n magnetiese kompas, girokompas of 'n herhaler van 'n girokompas vir hierdie doel voorsien mag word, in welke geval die tweede magnetiese kompas aangebring kan word in 'n kompashuis of op 'n voetstuk by die agterstuurplek.

(3) Elke skip van Hoofstuk IV, Klasse VI, IX, IXA, X, XI en XII, moet voorsien word van een doeltreffende magnetiese kompas wat redelik by die gewone stuurplek beskikbaar is.

(4) Die gehalte en prestasie van elke droë- en vloeistofkompas moet voldoen aan die vereistes wat in Bylae B uiteengesit word.

(OPMERKING.—Die bepalings van hierdie regulasie wat betrekking het op skepe van Klasse I, II, IIA en VI, is 'n herhaling van die bepalings van regulasie 80 van die regulasies in verband met konstruksie. Hierdie herhaling word gedoen met die oog op duidelikheid en om verwysing te vergemaklik.)

13. STEL VAN KOMPASSE.

Die kompasse van elke skip van Hoofstuk IV moet behoorlik gestel word deur 'n persoon wat deur die eienaar gekies kan word as bevoeg om skeepskompasse te stel. Die sertifikaat van so 'n persoon ten effekte dat die kompasse van die skip behoorlik gestel is, tesame met 'n verklaring dat die kompasse nie in 'n merkbare mate geaffekteer word deur enige steurende uitwerking van elektriese strome naby die kompasse, of deur die nabyheid van elektroniese of elektriese instrumente of toerusting wanneer hulle aan- en afgeskakel word nie, moet deur die gesagvoerder gehou word.

(OPMERKING.—Wanneer omstandighede dit toelaat, sal regulasies in verband met die eksamens en lisensiëring van kompasstellers uitgevaardig word.)

14. DEVIASIETABEL.

In alle gevalle, hetsy by die eerste of daaropvolgende stelling van die kompasse, moet die gesagvoerder voorsien word van 'n tabel wat enige nadeviasies van die kompas aandui. Sodanige tabelle moet deur die persoon wat die stelwerk doen, onderteken word.

15. DEVIASIEBOEK.

(1) Elke skip van Hoofstuk IV moet 'n kompasdeviasieboek wat tot op datum gehou moet word, aan boord hou. Die steldatums moet in die boek ingeskryf word en die besonderhede, met inbegrip van die posisie van stelmagnete, op die deviasiekaart aangedui word.

(2) Die deviasieboek en deviasietabel word geag dokumente betreffende die navigasie van die skip ingevolge artikel *honderd sewe-en-tagtig* van die Wet te wees, en moet as sodanig by verwisseling van gesagvoerder aan die opvolger oorhandig word.

HOOFSTUK V.—SEINLAMPE.

16. TOEPASSING VAN HOOFSTUK V.

Hierdie hoofstuk is van toepassing op—

(*a*) elke Suid-Afrikaanse skip van honderd of meer ton wat van enige hawe waar ook al ter see uitvaar; en

(*b*) elke skip, wat nie 'n Suid-Afrikaanse skip is nie, van honderd-en-vyftig of meer ton wat van 'n Uniehawe ter see uitvaar,

en 'n „skip van Hoofstuk V" is 'n skip waarop hierdie hoofstuk aldus van toepassing is.

(2) (*a*) Every Chapter IV ship of Classes II, IIA, VII, VIIA and VIII shall be provided with two efficient magnetic compasses sited on the ship's centre line, of which one may be of the projector reflector or transmitting type if it is capable of being used as a normal magnetic compass on failure of the electrical power.

(*b*) One magnetic compass shall be provided for use as a standard compass and shall be sited near to the normal steering position and in a position from which the view of the horizon is least obstructed.

(*c*) The second magnetic compass shall be provided for use as a steering compass and shall be sited at the normal steering position: Provided that the projected or reflected image of a magnetic compass, gyro compass, or a repeater from a gyro compass may be provided for this purpose in which case the second magnetic compass may be sited in a binnacle or on a pedestal at the after steering position.

(3) Every Chapter IV ship of Classes VI, IX, IXA, X, XI and XII shall be provided with one efficient magnetic compass which shall be readily available at the normal steering position.

(4) The quality and performance of every dry card and liquid compass shall conform to the requirements set forth in Annex B.

(NOTE.—The provisions of this regulation relating to ships of Classes I, II, IIA and VI are a repetition of the provisions of regulation 80 of the Construction Regulation, the repetition being made for purposes of clarity and easy reference.)

13. ADJUSTMENT OF COMPASSES.

The compasses of every Chapter IV ship shall be properly adjusted by a person who may be selected by the owner as competent to adjust the compasses of ships. The certificate of such a person to the effect that the compasses of the ship are properly adjusted, together with a declaration that the compasses are not affected to any appreciable extent by any disturbing effects from electric circuits which may pass near the compasses, or by the near presence of electronic instruments or electrical instruments or equipment when switched on and off, shall be retained by the master.

(NOTE.—When circumstances are favourable, regulations will be promulgated governing the examination and licensing of adjusters of compasses.)

14. TABLE OF DEVIATION.

In all cases, whether on the first or subsequent adjustment of the compasses, the master shall be provided with a table showing any residual deviations of the compass. Such tables shall be signed by the person making the adjustment.

15. DEVIATION BOOK.

(1) Every Chapter IV ship shall carry a compass deviation book which shall be kept up to date. The dates of adjustments shall be entered in the book, and the details including the position of correctors shown on the deviation card.

(2) The deviation book and table of deviations shall be deemed to be documents relating to the navigation of the ship under section *one hundred and eighty-seven* of the Act, and as such shall be handed to the successor on change of master.

CHAPTER V.—SIGNALLING LAMPS.

16. APPLICATION OF CHAPTER V.

This Chapter applies to—

(*a*) every South African ship of one hundred tons or over which proceeds to sea from any port whatsoever; and

(*b*) every ship, which is not a South African ship, of one hundred and fifty tons or over which proceeds to sea from a port in the Union,

and a "Chapter V ship" means a ship to which this Chapter so applies.

17. VOORSIENING VAN SEINLAMP.

Die gesagvoerder of eienaar van elke skip van Hoofstuk V moet sorg dra dat daar elke keer wanneer die skip ter see uitvaar, 'n doeltreffende seinlamp aan boord is.

18. VOORSKRIFTE VIR SEINLAMP.

Die seinlamp moet 'n doeltreffende draagbare lamp wees van 'n tipe wat geskik is vir gebruik sowel bedags as snags.

19. BATTERYE.

Indien die seinlamp van die batterytipe is, moet middele voorsien word waarvolgens die batterye, wanneer nodig, herlaai kan word. Sodanige batterye is slegs vir die bediening van die seinlamp bedoel en het geen verband met die batterye wat vir die radio-uitrusting van die skip voorsien word nie.

HOOFSTUK VI.—NOODSEINE.

20. TOEPASSING VAN HOOFSTUK VI.

Hierdie Hoofstuk is van toepassing op elke Suid-Afrikaanse skip waar ook al en op elke skip wat nie 'n Suid-Afrikaanse skip is nie onderwyl dit binne die Unie of die Unie se territoriale waters is, en 'n „skip van Hoofstuk VI" is 'n skip waarop hierdie Hoofstuk aldus van toepassing is.

21. NOODSEINE.

Die volgende seine is noodseine:—

(*a*) 'n kanonskoot of ander knalsein afgevuur met tussenpose van ongeveer 1 minuut;

(*b*) 'n aanhoudende geluid met die een of ander misseintoestel;

(*c*) vuurpyle of granate wat rooi sterre afgee en wat met kort tussenpose een op 'n keer afgevuur word;

(*d*) 'n sein deur middel van radiotelegrafie of 'n ander seinmetode uitgesend wat bestaan uit die groep . . . — — — . . . van die Morse-kode;

(*e*) 'n sein uitgesend deur middel van radiotelefonie wat bestaan uit die gesproke woord „Mayday";

(*f*) die noodsein van die Internasionale Seinboek aangedui deur N.C.;

(*g*) 'n sein bestaande uit 'n vierkantige vlag met 'n bal of iets wat soos 'n bal lyk, bokant of onderkant die vlag;

(*h*) vlamme op die vaartuig (bv. van 'n brandende teer- of olievat, ens.);

(*i*) 'n vuurpylvalskermfakkel wat 'n rooi lig afgee.

[OPMERKINGS.

(1) 'n Radiosein is voorgeskryf vir gebruik deur skepe in nood met die doel om die outo-alarmtoestelle van ander vaartuie in werking te stel en aldus die aandag te vestig op noodoproepe of -berigte. Die sein bestaan uit 'n reeks van twaalf strepe wat in 1 minuut uitgesend word sodat elke streep 4 sekondes duur en die tydsverloop tussen twee opeenvolgende strepe een sekonde is.

(2) Bostaande seine is dié wat uiteengesit word in Reël 31 van die Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings op See, 1948.]

22. GEBRUIK VAN NOODSEINE.

Die seine wat in regulasie 21 uiteengesit is, is die seine wat gebruik of vertoon moet word, òf tesame òf afsonderlik, wanneer 'n skip van Hoofstuk VI in nood verkeer en hulp nodig het van ander skepe of van die kus af.

(OPMERKING.—Ingevolge artikel *tweehonderd twee-en-dertig* van die Wet word die misbruik van noodseine verbied, asook 'n private sein wat vir 'n noodsein aangesien kan word. Die Wet maak ook voorsiening vir streng strawwe vir oortreding van genoemde artikel.)

17. PROVISION OF SIGNALLING LAMP.

The master or owner of every Chapter V ship shall ensure that on each occasion on which the ship proceeds to sea, there is on board an efficient signalling lamp.

18. REQUIREMENTS FOR SIGNALLING LAMP.

The signalling lamp shall be an efficient portable lamp of a type suitable for use both by day and by night.

19. BATTERIES.

If the signalling lamp is of the battery operated type, means shall be provided whereby the batteries may be re-charged when necessary. Any such batteries shall be for the operation of the signalling lamp alone and shall be independent of the batteries supplied for the radio equipment of the ship.

CHAPTER VI.—DISTRESS SIGNALS.

20. APPLICATION OF CHAPTER VI.

This Chapter applies to every South African ship wherever it may be, and to every ship which is not a South African ship, while it is within the Union or the territorial waters thereof, and a "Chapter VI ship" means a ship to which this Chapter so applies.

21. DISTRESS SIGNALS.

The following signals shall be signals of distress:—

(*a*) A gun or other explosive signal fired at intervals of about a minute;

(*b*) a continuous sounding with any fog-signal apparatus;

(*c*) rockets or shells, throwing red stars fired one at a time at short intervals;

(*d*) a signal made by radiotelegraphy or by any other signalling method consisting of the group . . . — — — . . . in the Morse Code;

(*e*) a signal sent by radiotelephony consisting of the spoken word "Mayday";

(*f*) the international code signal of distress indicated by N.C.;

(*g*) a signal consisting of a square flag having above or below it a ball or anything resembling a ball;

(*h*) flames on the vessel (as from a burning tar barrel, oil barrel, etc.);

(*i*) a rocket parachute flare showing a red light.

[NOTES.

(1) A radio signal has been provided for use by ships in distress for the purpose of actuating the auto-alarms of other ships and thus securing attention to distress calls or messages. The signal consists of a series of twelve dashes, sent in one minute, the duration of each dash being four seconds, and the duration of the interval between two consecutive dashes one second.

(2) The above signals are those set forth in Rule 31 of the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1948.]

22. USE OF DISTRESS SIGNALS.

The signals set forth in regulation 21 shall be the signals to be used or displayed, either together or separately, when a Chapter VI ship is in distress and requires assistance from other ships or from the shore.

(NOTE.—In terms of section *two hundred and thirty-two* of the Act, the misuse of signals of distress is prohibited as well as any private signal which can be mistaken for a signal of distress. The Act also provides for severe penalties for contravention of the said section.)

HOOFSTUK VII.—REDDINGSEINE.

23. Toepassing van Hoofstuk VII.

Hierdie Hoofstuk is van toepassing op elke vaartuig terwyl dit binne die Unie of die Unie se territoriale waters is.

24. Reddingseine.

Die onderstaande seine moet deur 'n reddingstasie gebruik word wanneer in verbinding getree word met 'n vaartuig wat in nood verkeer, en deur 'n vaartuig wat in nood verkeer wanneer in verbinding getree word met 'n reddingstasie:—

(*a*) *Antwoorde van die kusstasie op noodseine van 'n vaartuig.*

Sein.	*Betekenis.*
Bedags: Wit rookseine..... Snags: Vuurpyl met wit sterre.....	" Ons sien u—hulp word so spoedig moontlik verleen ".

(*b*) *Landingseine vir die leiding van klein bote wat die bemanning van 'n gestrande vaartuig na die strand vervoer.*

Sein.	*Betekenis.*
Bedags: Vertikale beweging van 'n wit vlag of van die arms Snags: Vertikale beweging van 'n wit lig of sinjaalvlam. 'n Ligging (aanduiding van rigting) kan gegee word deur 'n vaste wit lig of sinjaalvlam laer en in 'n lyn met die waarnemer te plaas	„ Dit is die beste plek om te land ".
Bedags: Horisontale beweging van 'n wit vlag of die arms horisontaal uitgestrek Snags: Horisontale beweging van 'n wit lig of sinjaalvlam	„ Om hier te land is hoogs gevaarlik ".
Bedags: Horisontale beweging van 'n wit vlag gevolg deur die steek van 'n wit vlag in die grond en die dra van 'n ander wit vlag in die rigting wat aangegee moet word Snags: Horisontale beweging van 'n wit lig of sinjaalvlam gevolg deur die plasing van 'n wit lig of sinjaalvlam op die grond en die dra van 'n ander wit lig of sinjaalvlam in die rigting wat aangegee moet word	„ Om hier te land is hoogs gevaarlik. 'n Gunstiger plek om te land word in die aangegewe rigting gevind ".

(*c*) *Seine wat aangewend moet word in verband met die gebruik van 'n reddingsmiddel wat op die kus opgestel is.*

Sein.	*Betekenis.*
Bedrags: Vertikale beweging van 'n wit vlag of van die arms Snags: Vertikale beweging van 'n wit lig of sinjaalvlam	In die algemeen—„ Bevestigend ". In besondere gevalle— „ Vuurpyllyn word gehou ". „ Stertblok is vasgemaak ". „ Tros is vasgemaak ". „ Daar is iemand in die broekboei ". „ Trek weg ".
Bedags: Horisontale beweging van 'n wit vlag of arms horisontaal uitgestrek Snags: Horisontale beweging van 'n wit vlag of sinjaalvlam	In die algemeen—„ Ontkennend ". In besondere gevalle— „ Verslap die toue ". „ Hou op met trek ".

HOOFSTUK VIII.—BOOT- EN BRANDWEEROEFENINGE EN INSPEKSIE VAN REDDINGSUITRUSTING.

25. Toepassing van Hoofstuk VIII.

Hierdie Hoofstuk is van toepassing op elke Suid-Afrikaanse skip soos in hierdie Hoofstuk uiteengesit, en 'n „ skip van Hoofstuk VIII " is 'n skip waarop hierdie Hoofstuk aldus van toepassing is.

(Opmerking.—Die aandag word gevestig op regulasie 89 ingevolge waarvan 'n skip vrygestel kan word van die voorskrifte van hierdie Hoofstuk.)

26. Monsterrol en noodseine.

(1) Die gesagvoerder van elke skip van Hoofstuk VIII van Klasse I, II, IIA, VI, VII, VIIA en VIII moet 'n monsterrol opstel en aantoon watter besondere pligte vir die geval van 'n noodtoestand aan elke lid van die bemanning toegewys word en die pos waarheen elkeen moet gaan, met inbegrip van pligte en poste wat by die blus van brand van toepassing is.

CHAPTER VII.—LIFE-SAVING SIGNALS.

23. Application of Chapter VII.

This Chapter applies to every vessel while it is within the Union or the territorial waters thereof.

24. Life-saving Signals.

The following signals shall be used by a life-saving station when communicating with a vessel in distress and by a vessel in distress when communicating with a life-saving station:—

(*a*) *Replies from shore station to distress signals made by the vessel.*

Signal.	*Signification.*
By day: White smoke signal..... By night: White star rocket.....	" You are seen—assistance will be given as soon as possible ".

(*b*) *Landing signals for the guidance of small boats bringing away the crew of a wrecked vessel.*

Signal.	*Signification.*
By day: Vertical motion of a white flag or the arms By night: Vertical motion of a white light or flare. A range (indication of direction) may be given by placing a steady white light or flare lower and in line with the observer.	" This is the best place to land ".
By day: Horizontal motion of a white flag or arms extended horizontally By night: Horizontal motion of a white light or flare	" Landing here highly dangerous ".
By day: Horizontal motion of a white flag, followed by the placing of the white flag in the ground and the carrying of another white flag in the direction to be indicated By night: Horizontal motion of a white light or flare, followed by the placing of the white light or flare on the ground and the carrying of another white light or flare in the direction to be indicated	" Landing here highly dangerous. A more favourable location to land is in the direction indicated ".

(*c*) *Signals to be employed in connection with the use of shore life-saving apparatus.*

Signal.	*Signification.*
By day: Vertical motion of a white flag or the arms By night: Vertical motion of a white light or flare	In general—" Affirmative ". Specifically:— " Rocket line is held ". " Tail block is made fast ". " Hawser is made fast ". " Man is in the breeches buoy ". " Haul away ".
By day: Horizontal motion of a white flag or arms extended horizontally By night: Horizontal motion of a white light or flare	In general—" Negative ". Specifically:— " Slack away ". " Avast hauling ".

CHAPTER VIII.—BOAT AND FIRE DRILLS AND INSPECTION OF LIFE-SAVING EQUIPMENT.

25. Application of Chapter VIII.

This Chapter applies to every South African ship as set forth in this Chapter, and a " Chapter VIII ship " means a ship to which this Chapter so applies.

(Note.—Attention is invited to regulation 89 in terms of which a ship may be exempted from the requirements of this Chapter.)

26. Muster List and Emergency Signals.

(1) The master of every Chapter VIII ship, of Classes I, II, IIA, VI, VII, VIIA and VIII shall prepare a muster list showing in respect of each member of the crew, the special duties which are allotted to him and the station to which he shall go in the event of an emergency, including duties and stations applicable for extinguishing fire.

(2) Die monsterrol moet onderstaande bepaalde seine angee waardeur alle persone aan boord in 'n noodgeval na hul boot- en brandposte opgroep word en waarmee angedui word wanneer die skip verlaat moet word:—

(*a*) Die noodsein om alle persone aan boord na monsterposte op te roep, bestaan uit sewe of meer opeenvolgende kort stote gevolg deur een lang stoot op die fluit of die mishoring;

(*b*) die noodsein moet op skepe van Klas I aangevul word deur die elektries werkende seine wat dwarsdeur die skip aangebring is en vanaf die brughuis in werking gestel word ooreenkomstig die regulasies vir reddingsuitrusting.

(3) Die monsterrol moet aan die verskillende lede van die bemanning pligte toewys in verband met—

(*a*) die sluit van waterdigte deure, vuurvaste deure, kleppe en sluitingsmeganismes van spuigate, asstortkokers, ens.;

(*b*) die uitrus van die reddingsbote en drywende toestelle in die algemeen;

(*c*) die tewaterlating van bote wat aan davits bevestig is;

(*d*) die gereedmaking in die algemeen van enige ander bote en drywende toestelle, met inbegrip van opblaasbare vlotte;

(*e*) die saamroep van passasiers (indien enige);

(*f*) die blus van brand.

(4) Die plig om toe te sien dat die bote en drywende toestelle en ander reddingstoestelle ten alle tye gereed is vir gebruik, moet deur die monsterrol aan een of meer van die skeepsoffisiere toegewys word.

(5) Die monsterrol moet aan die personeel van die algemene diens hul onderskeie pligte ten aansien van die passasiers in tyd van nood toewys. Hierdie pligte omvat die volgende:—

(*a*) Waarskuwing van die passasiers;

(*b*) toesien dat hulle behoorlik gekleed is en hul reddingsbuise reg aangetrek het;

(*c*) die saamroep van die passasiers op die monsterposte;

(*d*) die handhawing van orde in die gange en op die trappe en in die algemeen die reëling van die verkeer van die passasiers;

(*e*) toesien dat 'n voorraad komberse na die reddingsbote geneem word.

(6) Die monsterrol moet opgestel of, indien 'n nuwe rol nie nodig is nie, hersien word nadat die ooreenkoms met die bemanning onderteken is en alvorens die skip ter see uitvaar, en moet deur die gesagvoerder gedateer en onderteken word.

(7) Indien daar na die opstel van die monsterrol enige verandering in die bemanning plaasvind wat 'n verandering in die rol nodig maak, moet die gesagvoerder die rol hersien of 'n nuwe rol opstel.

(8) Afskrifte van die monsterrol moet in verskeie dele van die skip aangebring word, en veral in die bemanning se kwartiere, voordat die skip ter see uitvaar, en moet aldus vertoon bly terwyl die skip op see is.

(9) Indien die bevoegde beampte dit nodig ag, moet, benewens die opstel van die monsterrol, aan elke lid van die bemanning 'n kaart uitgereik word wat met 'n tou of band aan sy reddingsbuis bevestig kan word en waarop onder andere sy bootpos, noodpos of poste en pligte en enige seine wat daarop betrekking het, vermeld is.

[OPMERKING.—In die geval van sommige skepe kan die opstel van die monsterrol verder vergemaklik word indien die rang of graad en kooi- of slaappleknommer (in plaas van die naam) van elke lid van die bemanning aangegee word.]

27. MONSTERPOSTE VIR PASSASIERS.

In elke passasierskip van Hoofstuk VIII moet monsterposte vir alle passasiers aangewys word vir gebruik in 'n noodgeval. Die betekenis van alle seine wat vir die passasiers van belang is, met noukeurige instruksies oor

(2) The muster list shall specify the following definite signals for calling all persons on board to their boat and fire stations in an emergency, and for indicating when the ship is to be abandoned:—

(*a*) Emergency signal for calling all persons on board to muster stations shall be a succession of seven or more short blasts followed by one long blast on the whistle or siren;

(*b*) the emergency signal shall be supplemented on ships of Class I by the electrically operated signals provided throughout the ship and controlled from the bridge in accordance with the Life-saving Equipment Regulations.

(3) The muster list shall assign duties to the different members of the crew in connection with—

(*a*) the closing of watertight doors, fire-proof doors, valves and closing mechanism of scuppers, ash-shoots etc.;

(*b*) the equipment of the boats and buoyant apparatus generally;

(*c*) the launching of the boats attached to davits;

(*d*) the general preparation of any other boats and buoyant apparatus, including inflatable rafts;

(*e*) the muster of the passengers (if any);

(*f*) the extinction of fire.

(4) The duty of seeing that the boats and buoyant apparatus and other life-saving apparatus are at all times ready for use, shall be assigned by the muster list to one or more ship's officers.

(5) The muster list shall assign to members of the stewards' department their several duties in relation to the passengers at the time of the emergency. These duties shall include—

(*a*) warning to passengers;

(*b*) seeing that they are suitably clad and have put on their life-jackets in a proper manner;

(*c*) assembling the passengers at muster stations;

(*d*) keeping order in the passages and on the stairways, and generally controlling the movements of the passengers;

(*e*) seeing that a supply of blankets is taken to the lifeboats.

(6) The muster list shall be prepared, or, if a new list is not necessary, revised after the agreement with the crew has been signed and before the ship proceeds to sea, and shall be dated and signed by the master.

(7) If, after the muster list has been prepared, any change takes place in the crew which necessitates an alteration in the muster list, the master shall either revise the list or prepare a new list.

(8) Copies of the muster list shall be posted in several parts of the ship, and in particular in the crew's quarters, before the ship proceeds to sea and shall be kept so posted while the ship is at sea.

(9) The preparation of the muster list shall, if necessary in the opinion of the proper officer, be supplemented by the issue, to each member of the crew, of a card capable of being attached by a string or cord to his life-jacket, showing (among other particulars) his boat station, emergency station or stations and duties, and any signals connected therewith.

[NOTE.—In the case of some ships, the preparation of the muster list may be further facilitated if the list shows the rank or rating and bunk or berth numbers (instead of names) of the individual members of the crew.]

27. ASSEMBLY STATIONS FOR PASSENGERS.

In every Chapter VIII passenger ship, assembly stations for all passengers shall be appointed for use in an emergency. The meaning of all signals affecting passengers, with precise instructions on what they are to do

wat hulle in 'n noodgeval moet doen, moet duidelik in Afrikaans en Engels en in sodanige ander tale as wat gepas mag wees, aangegee word op kaarte wat in hul kajuite en op prominente plekke in ander passasiersverblywe aangebring moet word.

(OPMERKING.—Ingevolge artikel *tweehonderd vyf-en-twintig* van die Wet moet die gesagvoerder van 'n passasierskip tot die tevredenheid van 'n opnemer ruim voorsiening laat maak by wyse van gedrukte kennisgewings en van tekeninge waar dit nodig is, om die passasiers in staat te stel om uit te vind waar reddingsbote, reddingsbuise en ander reddingstoestelle, brandemmers, byle en brandblussers is. Hy laat ook kennisgewings wat wys hoe om reddingsbuise aan te trek in elke kajuit en dwarsdeur die skip tot die tevredenheid van 'n opnemer vertoon hou.)

28. OEFENING EN INSPEKSIE.

(1) Die gesagvoerder van elke skip van Hoofstuk VIII, Klasse I, II, IIA, VI, VII, VIIA en VIII, en die gesagvoerder van elke ander skip van Hoofstuk VIII van 500 of meer ton moet, as dit prakties uitvoerbaar is—

(*a*) boot- en brandweeroefeninge laat hou, in die geval van 'n passasierskip, minstens eenkeer in elke week, en, in die geval van 'n ander skip as 'n passasierskip, minstens eenkeer in elke maand; en

(*b*) inspeksie laat doen van die reddingstoestelle aan boord van die skip, met tussenpose wat nie langer is as dié wat vir boot- en brandweeroefeninge voorgeskryf is nie, om vas te stel of hulle ten alle tye vir onmiddellike gebruik ter see gereed is.

(2) In skepe van Hoofstuk VIII, Klas I, moet 'n monstering van die bemanning gehou word voordat die skip die laaste afvaarhawe verlaat, en 'n monstering van die passasiers moet gehou word binne vier-en-twintig uur nadat die skip sodanige hawe verlaat het.

(3) By agtereenvolgende bootoefeninge moet verskillende groepe bote om die beurt gebruik word. Die oefeninge en inspeksies moet op so 'n wyse gereël word dat die bemanning deeglik op hoogte is van en geoefend is in die pligte wat hulle moet vervul, en dat alle reddings- en brandweertoestelle tesame met die nodige toebehore altyd vir onmiddellike gebruik gereed is.

(4) Die gesagvoerder laat in die amptelike skeepsjoernaal aantekening hou van elke geleentheid waarby boot- en brandweeroefeninge gehou of inspeksie van die reddingstoestelle gedoen word. Indien om enige rede die gemelde oefeninge nie gehou of inspeksie van die gemelde toestelle nie met die voorgeskrewe tussenpose gedoen word nie, moet die gesagvoerder 'n inskrywing in die amptelike skeepsjoernaal laat maak van die redes waarom die oefeninge nie gehou of die toestelle nie geïnspekteer is nie.

(OPMERKING.—In die geval van skepe waarop hierdie regulasie nie van toepassing is nie, word gesagvoerders en eienaars versoek om sorg te dra dat die seelui op hoogte is van en geoefend is in die pligte wat aan hulle toegewys is vir die geval van 'n noodtoestand, en dat hulle weet hoe om die reddings- en brandweertoestelle te gebruik en waar sodanige toestelle gehou word.)

29. DRAAGBARE RADIOTOESTEL VIR REDDINGSBOOT, WANNEER AAN BOORD.

Die gesagvoerder moet aan minstens twee lede van die bemanning (wat radio-offisiere kan wees) die plig toewys om te sorg dat die radio-apparaat van die reddingsboot (wat bymekaar gehou moet word in die kaartkamer of op 'n ander geskikte plek gereed om in 'n noodgeval na die een of ander reddingsboot geneem te word) in 'n reddingsboot geplaas of op 'n ander wyse beskikbaar gemaak word vir gebruik in 'n noodgeval. By enige geleentheid wanneer 'n bootoefening gehou word, moet die radio van die reddingsboot in 'n reddingsboot of op 'n ander plek wat vir gebruik in 'n noodgeval aangewys is, geplaas word by wyse van 'n oefening, indien dit prakties uitvoerbaar is. Genoeg lede van die bemanning benewens die radio-offisiere moet opleiding in die gebruik van die radio-apparaat van die reddingsboot ontvang om die volle en behoorlike gebruik daarvan in 'n noodgeval te verseker.

in an emergency shall be clearly stated in Afrikaans and English and in such other languages as are appropriate, on cards posted in their cabins and in conspicuous places in other passenger quarters.

(NOTE.—In terms of section *two hundred and twenty-five* of the Act, the master of a passenger ship shall cause ample provision to be made, to the satisfaction of the surveyor, by printed notices, and by diagrams where necessary, to enable the passengers to ascertain the position of life-boats, life-jackets and other life-saving appliances, fire-buckets, axes and fire-extinguishers. He shall also cause to be kept exhibited in each cabin, and throughout the ship to the satisfaction of the surveyor, notices showing the method of adjusting life-jackets to the body.)

28. TRAINING AND INSPECTION.

(1) The master of every Chapter VIII ship of Classes I, II, IIA, VI, VII, VIIA and VIII and the master of every other Chapter VIII ship of 500 tons or over, shall, if it is practicable to do so, cause—

(*a*) boat drill and fire drill to be practised, in the case of a passenger ship, at least once in every week, and, in the case of a ship other than a passenger ship, at least once in every month; and

(*b*) the life-saving appliances on board the ship to be inspected at intervals not greater than those prescribed for boat and fire drills to ascertain that they are at all times ready for immediate use at sea.

(2) In Chapter VIII ships of Class I, a muster of the crew shall be held before the ship leaves her final port of departure and a muster of the passengers shall be held within twenty-four hours after leaving such port.

(3) Different groups of boats shall be used in turn at successive boat drills. The drills and inspections shall be so arranged that the crew thoroughly understand and are practised in the duties they have to perform, and that all life-saving appliances and fire appliances with the gear appertaining to them are always ready for immediate use.

(4) The master shall cause an entry to be made in the official log-book of every occasion on which boat drill and fire drill are practised or the life-saving appliances inspected. If for any reason the said drills are not held or the said appliances are not inspected at the prescribed intervals, the master shall cause a statement to be entered in the official log-book of the reasons why the drills were not practised or the appliances not inspected.

(NOTE.—In the case of ships to which this regulation does not apply, masters and owners are requested to ensure that seamen understand and are drilled in the duties assigned to them for the event of an emergency, and that they understand the uses of life-saving appliances and fire appliances and know where such appliances are kept.)

29. LIFEBOAT PORTABLE RADIO APPARATUS, WHEN CARRIED.

The master shall assign to at least two members of the crew (who may be radio officers) the duty of seeing that the lifeboat radio gear (which shall be kept together in the chartroom or other suitable place ready to be moved to one or other of the life-boats in the event of an emergency) is placed in a lifeboat or otherwise made available for use in an emergency. On any occasion when boat drill is practised, the lifeboat radio shall be placed in a lifeboat or other place detailed for use in an emergency, as an exercise, if it is practicable to do so. Sufficient members of the crew in addition to radio officers shall be given instruction in the use of the lifeboat radio gear so as to ensure its full and proper use in an emergency.

HOOFSTUK IX.—VERVOER VAN GEVAARLIKE GOEDERE.

30. Toepassing van Hoofstuk IX.

Hierdie Hoofstuk is van toepassing op—

(*a*) elke Suid-Afrikaanse skip waar ook al; en

(*b*) elke skip wat nie 'n Suid-Afrikaanse skip is nie, terwyl die skip in 'n Unie-hawe is of in die Unie se territoriale waters passasiers aan boord neem of ontskeep of in gemelde waters vrag of brandstof laai of aflaai,

n 'n „skip van Hoofstuk IX" is 'n skip waarop hierdie Hoofstuk aldus van toepassing is.

(Opmerking.—Die aandag word gevestig op regulasie 0 waarkragtens 'n skip van die voorskrifte van hierdie Hoofstuk vrygestel kan word.)

31. Uitsonderinge.

Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk omvat die uitrukking „gevaarlike goedere" nie die volgende nie:—

(*a*) Skeepsnoodseine wat 'n deel uitmaak van die uitrusting van die skip waarin hulle vervoer word;

(*b*) vloot- of militêre voorrade vir die diens van die Staat wanneer hulle vervoer word onder toestande wat die Sekretaris magtig; en

(*c*) goedere ten opsigte waarvan nòg die eienaar van die skip nòg enige persoon in sy diens of agente wat met sodanige goedere handel, geweet het of moes geweet het of redelike gronde gehad het om te vermoed dat hulle gevaarlike goedere was.

32. Beskrywing en klassifikasie van gevaarlike goedere.

(1) Niemand stuur in enige skip van Hoofstuk IX of, s hy nie die gesagvoerder of eienaar van die skip is nie, ervoer in daardie skip enige gevaarlike goedere sonder m duidelik in een van die landstale van die Unie op die uitekant van die houer daarvan die aard van die goedere an te dui en sodoende aan te toon onder watter van die ndergenoemde kategorieë die goedere val, en sonder om kriftelike kennis van die aard van sodanige goedere en an die naam en adres van die afsender daarvan aan die esagvoerder of eienaar van die skip te gee ten tyde van f voor die versending van die goedere wat aan boord van ie skip geneem moet word nie:—

(*a*) Ontplofbare stowwe;

(*b*) saamgeperste, vloeibare en opgeloste gasse;

(*c*) bytende stowwe;

(*d*) gifstowwe;

(*e*) stowwe wat ontvlambare dampe afgee;

(*f*) stowwe wat gevaarlik word wanneer hulle met water of lug in aanraking kom;

(*g*) sterk oksiderende stowwe;

(*h*) stowwe wat in staat is tot selfontbranding;

(*i*) laboratoriumchemikalieë en geneeskundige preparate in beperkte hoeveelhede; en

(*j*) ander gevaarlike goedere met inbegrip van radioaktiewe stowwe.

(2) Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk is die uitrukkings „laboratoriumchemikalieë" en „geneeskundige reparate" nie van toepassing nie op toiletpreparate, oonheidsmiddels, parfuumprodukte of stowwe bedoel r gebruik anders as laboratriumchemikalieë of geneeskundige preparate. Verder word met die uitdrukking beperkte hoeveelhede" bedoel die hoeveelheid van enige danige stowwe as wat die Sekretaris mag besluit.

33. Lys van gevaarlike goedere.

Die gesagvoerder moet 'n lys aan boord van die skip at hou waarop, ooreenkomstig die inligting wat kragtens e bepalings van regulasie 32 verskaf is, die gevaarlike edere aangegee is wat aan boord is op die reis, en danige lys moet op aanvraag getoon word aan enige ersoon wat daartoe deur die Sekretaris gemagtig is.

CHAPTER IX.—CARRIAGE OF DANGEROUS GOODS.

30. Application of Chapter IX.

This Chapter applies to—

(*a*) every South African ship wherever it may be; and

(*b*) every ship (which is not a South African ship), while it is within any port in the Union, or is embarking or disembarking passengers within the territorial waters of the Union, or is loading or discharging cargo or fuel within those waters,

and a "Chapter IX ship" means a ship to which this Chapter so applies.

(Note.—Attention is invited to regulation 90 in terms of which a ship may be exempted from the requirements of this Chapter.)

31. Exceptions.

For the purposes of this Chapter, the following shall not be included in the expression "dangerous goods":—

(*a*) ships' distress signals, forming part of the equipment of the ship in which they are carried;

(*b*) naval or military stores for the public service when carried under conditions authorised by the Secretary; and

(*c*) goods which neither the owner of the ship nor any of his servants or agents dealing with such goods, knew or ought to have known, or had reasonable grounds for suspecting to be dangerous goods.

32. Description and Classification of Dangerous Goods.

(1) No person shall send by any Chapter IX ship, or, if he be not the master or owner of the ship, carry in that ship, any dangerous goods without distinctly marking, in one of the official languages of the Union, their nature on the outside of the package, indicating to which of the undermentioned categories the goods belong, and without giving written notice of the nature of such goods and of the name and address of the sender thereof to the master or owner of the ship at or before the time of sending the same to be taken on board the ship:—

(*a*) Explosives;

(*b*) compressed, liquified or dissolved gases;

(*c*) corrosives;

(*d*) poisons;

(*e*) substances giving off inflammable vapours;

(*f*) substances which become dangerous by interaction with water or air;

(*g*) strong oxidising agents;

(*h*) substances which are liable to spontaneous combustion;

(*i*) laboratory chemicals and medicinal preparations in limited quantities; and

(*j*) other dangerous goods, including radio-active material.

(2) For the purposes of this Chapter, the expressions "laboratory chemicals" and "medicinal preparations" shall not apply to toilet preparations, cosmetics, perfumery products or to substances intended for use other than as laboratory chemicals or medical preparations. Further, the expression "limited quantities" shall be the quantity of any such substances as may be decided by the Secretary.

33. List of Dangerous Goods.

The master shall cause a list to be carried in the ship setting forth, in accordance with the information furnished under the provisions of regulation 32, the dangerous goods carried in the ship on the voyage in which she is currently engaged, and such list shall on demand be produced to any person acting under the authority of the Secretary.

34. MERK VAN GEVAARLIKE GOEDERE.

(1) Gevaarlike goedere, in 'n draer, houer of pakket, moet nie aan boord van 'n skip van Hoofstuk IX geneem word nie tensy die draer, houer of pakket waarin die goedere is, duidelik in een van die landstale van die Unie met 'n onderskeidingsetiket of merkplaat gemerk is wat die aard van die gevaar aandui wat die goedere kan laat ontstaan en ook aandui waaruit die goedere bestaan.

(2) In gevalle waar goedere aan boord van die skip geneem word tesame met die draer waarin hulle bevat is, of waar goedere aan boord van die skip geneem word tesame met die houer waarin hulle bevat is, wat naamlik 'n houer is wat uit 'n addisionele omhulsel vir 'n draer bestaan en vervaardig of aangepas is vir die doel om die draer met die goedere daarbinne gesit of daarvan afgeneem te word, word dit geensins deur paragraaf (1) vereis dat enige sodanige houer of enige pakket waarin die goedere in die draer bevat mag wees, of, na gelang van die geval, enige pakket waarin die goedere in die houer bevat mag wees, ook gemerk moet word nie.

35. VERPAKKING EN VERVOER VAN GOEDERE IN MASSA.

